

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 389 • Maart 2026



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Tyd

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Tydig én ontydig 1

AMPTELIK

3

ONTVANG DIE WOORD

Ds. Paul Möller

In tyd het Christus die ewigheid gebring 4

HOOFARTIKEL

Prof. Gerrit Smit

Ontologie: Dood as poort van die sigbare na die
onsigbare werklikheid 6

ARTIKELS

Prof. Johan Bosman

Helderberg en die horlosie 10

Ds. Johan Schütte

In ons eie tyd 12

Ds. Markus Mattheus

Hoe werk tyd vir God? 14

Ds. Nico Hefer

Die horlosie van genade: Wat beteken die “volheid van die tyd”? 16

Prof. Koos Adendorff

Bosoerlog: Genees tyd die wonde? 18

Ds. Herman Erasmus

“Ek is te besig” 20

Dr. Cois Meiring

Tyd: Ewigheid teenoor die oomblik 22

Hannes Noëth

Koop die tyd uit 24

AKTUEEL

Brief: Waarom ’n CVO Skool vir jou kind? 15

Bestek: Bybelkenniseksamen 17

Gemeentenuus 26

Smeltoond: Regoor Westerse lande groei

behoudende kerke opnuut binne agterblad

IN DIE SPORE VAN GISTER

Dr. Pieter Mulder

Generaal Louis Botha en die Cullinan-diamant 34

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Charlotte Fourie

Tyd saam met jou kinders is min 35

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

In aansluiting by die tema
van tyd, fokus ons in die
April-uitgawe op ruimte en
materie: Hoe leef ons binne
die ruimtes wat God vir ons
gee met dit (materie) wat
God aan ons toevertrou?

VOORBLAD:

Gelowiges kyk anders na tyd.
Die voorblad probeer iets
hiervan visueel voorstel.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie
noodwendig met alle uitsprake of
menings hierin opgeneem nie.*

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Tydig én ontydig

Ds. Schalk Strauss

Aangesien God bokant tyd verhewe is, beïnvloed dit ook gelowiges se verstaan van tyd – die fokus van hierdie uitgawe. Om die gelowige se unieke verstaan van tyd en sy omgang daarmee te beklemtoon, wys prof. Johan Bosman later in hierdie uitgawe die verskil tussen twee Griekse woorde vir tyd uit – *chronos* en *kairos*. Die eerste het te doen met tyd as neutrale, kwantitatiewe werklikheid (die opeenvolgende verloop daarvan) terwyl die tweede oor die kwalitatiewe werklikheid van tyd (tyd as ’n oomblik of geleentheid) handel.

Wanneer Paulus kort voor sy dood vir oulaas die jong Timóthéüs vermaan (vgl. 2 Tim. 3:10-4:5), gee hy aan hom ’n belangrike opdrag wat hy aan die kwalitatiewe werklikheid van tyd verbind. Hy roep hom op: ... *verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering* ... Die Griekse woorde wat hier met “tydig” en “ontydig” vertaal word, het albei *kairos* as stam en het dus met die kwalitatiewe aspek van tyd te doen. Dit gaan oor die oomblik of die geleentheid. Paulus se opdrag aan Timóthéüs is dus dat hy die Woord moet verkondig wanneer die geleentheid of oomblik hom voordoen, maar ook wanneer dit nie noodwendig ’n goeie geleentheid blyk te wees nie.

Die omvang van die opdrag

Paulus se opdrag in vers 2 val nie uit die lug uit nie. Christus wat self in die volheid van die tyd gekom het – toe die oomblik daarvoor reg was – roep sy kerk tot getroue getuienis op in die tyd waarin ons leef. Dit wat Hy in die donker vir ons sê, moet immers in die lig verkondig word en wat in die oor gehoor word, moet van die dakke af uitgeroep word (vgl. Mt. 10:27). Gelowiges, en in besonder die kerk, se opdrag is om die Woord te verkondig. Daarin lê die krag en outoriteit van hul boodskap. Die wyse waarop Paulus hierdie opdrag uitbrei, dui duidelik daarop dat gelowiges nie selektief met die Skrif mag omgaan nie. Paulus het die volle raad van God in gedagte as hy ons aanmoedig om te weerlê, bestraf, in lankmoedigheid te vermaan en te leer. Ons is eers getrou wanneer ons aan al hierdie aspekte aandag gee. Dit bied ook die geleentheid vir die kerk om werklik binne elke oomblik van haar bestaan, relevant te wees.

Die gevaar van relevansie

Hoewel die strewe na relevansie ’n Bybelgetroue roeping is, wys Paulus ook die gevaarkant daarvan uit. Gelowiges moet baie versigtig wees om nie relevansie met gehoorstreling te verwar nie. In die naam van relevansie loop gelowiges gevaar om die evangelie in vleitaal om te sit wat deur hulle wat graag in die gehoor

gestreel wil wees, goed ontvang word. In sy publikasie *Prophetic Untimeliness* waarsku Os Guinness juis teen die afgod van relevansie:

As die kerk haar boodskap vorm om beter aanklank by haar gehoor te vind, sal sy uiteindelik niks meer hê om te sê nie.

Om hierdie gevaar die hoof te bied, pleit hy daarvoor dat die kerk tegelyk tydloos én tydbewus moet wees. Sy moet diepgewortel wees in die onveranderlike, tydlose waarhede van God se Woord, maar terselfdertyd moet sy fyn ingestel wees op die leuens en afgodery van die heersende kultuur.

Om die gevaar van ’n gerelativeerde soort relevansie los van die Skrif te vermy, moedig Paulus gelowiges aan om die Woord tydig én ontydig te verkondig. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie opdrag op beide die boodskapper en die hoorder van toepassing is.

Tydig

Eerstens behoort die Woord tydig verkondig te word. Eenvoudig gestel beteken dit dat gelowiges en die kerk die Woord by gepaste geleenthede moet verkondig. Hier staan die erediens natuurlik

voor in die ry. Dit vra egter ook van gelowiges om gepaste geleentheid – daardie tye wanneer die samelewing in die besonder vir die Woord ontvanklik is – te benut. Dit vra dus van ampsdraers om die geestelike versorging van die kudde ernstig op te neem, om lidmate se vrae met pastorale besorgdheid vanuit die Skrif te beantwoord; om dooplidmate in die verbondsonderrig tot geloofsgehoorsaamheid te begelei. Dit vra van ouers om nie huisgodsdienst af te skeep nie, maar juis as ’n tydig geleentheid te gebruik om die Woord van God te verkondig en die koningskap van Christus te proklameer. Dit vra egter ook van kerke om op die uitkyk te wees vir soortgelyke tydig geleentheid waar daar ’n ontvanklikheid vir die Woord is. Gaan open dus die boerevereniging se vergadering, lei die wyding tydens saalopening by die plaaslike skool en gaan voor tydens die biduur by die ouetehuis. Dit is alles geleentheid waar dit gepas (tydig) is – vir die boodskapper en die hoorder – om die Woord te verkondig en aan te hoor.

Ontydig

Om die Woord tydig te verkondig, is beperk tot die gemaksone van die gelowige. Soos God egter vir Abraham uit sy gemaksone – uit sy land en weg van sy familie – na ’n vreemde land geroep het en hy daar by die terpentynboom van Mamre tussen die heidene ’n altaar vir die lewende God gebou het, word ons ook uit ons gemaksones geroep. Die opdrag om die Woord ook ontydig te verkondig, staan in noue verband hiermee. Hierdie opdrag dra ’n inherente spanning aangesien dit

van gelowiges, en in besonder die kerk en haar leiers, verwag om die waarheid te spreek wanneer daar nie noodwendig ’n ontvanklikheid daarvoor is nie, of die motivering daarvoor by die verkondigers daarvan ontbreek. Dit vra van ons om die Woord en die konsekwensies daarvan te verkondig selfs al blyk die geleentheid nie geskik te wees nie.

**Sonder om onnodig
dwars oor alles te
wees, behoort die kerk
altyd opreg eerlik te
wees wanneer sy die
evangelieboodskap tot
die tydsgees laat spreek.**

Om waarlik aan hierdie profetiese roeping gehoorsaam te wees, vra nie van die kerk (gelowiges) om agter die tydsgees aan te loop nie, maar juis om dit uit te daag met die doel om dit in lyn met die Skrif te bring. Die ontydigheid van die kerk se boodskap lê in die feit dat dit die spanning tussen Skrifgefundeerde heiligheid en kulturele voorkeure ontbloot met die oog daarop om dit reg te stel. Die kerk se roeping is nie om die tydsgees te sanksioneer nie, maar om dit te reformeer.

Hoe dikwels weet ons wat die Skrif sê, maar wag ons vir ’n beter oomblik – ’n veiliger tyd – ’n gunstiger gehoor? Ons hou nie altyd van die ontydige kant van hierdie opdrag nie, want dit hou risiko’s in. Dit vra dat ons bereid moet wees om onself bloot te stel, dat ons bereid moet wees om ons reputasie op die spel te plaas, dat ons selfs bereid moet wees om alles te verloor wat ons in hierdie

lewe kosbaar ag. Daarom is ons soms traag om die Woord ontydig te verkondig. Terselfdertyd is ons egter baie vinnig om te vra wat die “kerk” (en daarmee bedoel ons dan die een of ander sentrale liggaam of kommissie of selfs die direkteur van kerkadministrasie) aan ’n saak gaan doen – so asof ons los daarvan staan. Ons wat die kerk is, wil nie graag self ons nekke uitsteek nie. Plaaslike kerke wil nie by groot gesprekke betrokke raak of selfs met die regering oor warm onderwerpe skouer skuur nie, want dit is ontydig. Ons soek iets of iemand om agter te skuil terwyl ons rustig met ons koppe in die sand bly voortleef. Wanneer ’n onderwyser in ’n plaaslike skool onder druk kom om sekere morele en lewensbeskoulike uitgangspunte nie meer in die klas te noem nie, swyg ons maklik. Wanneer ’n sakeman weet dat eerlikheid hom kontrakte kan kos, praat ons oor wysheid eerder as waarheid. Wanneer ’n predikant weet dat ’n sekere teks lidmate kan vervreem, kies hy ’n sagger alternatief. Christus herinner ons egter dat ongewildheid en vyandskap onvermydelik vir sy kerk is wanneer sy gehoorsaam is en die Woord getrou – tydig én ontydig – verkondig (vgl. Joh. 15:18-20).

Mag die Here sy kerk deur sy Gees bemagtig om waarlik aan hierdie opdrag getrou te bly. Mag Hy ons bevry van ’n gemaksugtigheid wat ons verhoed om hierdie Woord tydig én ontydig – in al sy konsekwensies – te bring. Mag Hy ons bemagtig om die heerskappy van Jesus Christus met profetiese moed, herderlike geduld en met koninkryksdringendheid skaamteloos te verkondig. ☺

LERAARS

Beroep ontvang

- Prop. Marno Steyn na Bethal.

Beroep aanvaar

- Prop. Marno Steyn na Bethal.

LERAARS BEROEPBAAR



Die Kuratorium het prop. Lourens Prinsloo op 8 Februarie beroepbaar gestel. Sy selfoonnommer is 061 500 7297.



Die band tussen ds. Fredry Pretorius en die AP Kerk Potchefstroom is kragtens KO artikel 19.1a losgemaak. Hy is tans beroepafwagting. Sy selfoonnommer is 076 783 2734.

DIE BOODSKAPPER

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850

50% afslag indien AP Kerk sake geadvertenteer word (slegs op die hardekopie).

SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])

Plasing: Redaksioneel*	R150
Plasing: Amptelik*	R130
Plasing: Ontvang die Woord*	R130
Plasing: Hoofartikel	R100
Plasing: Gemeentenuus	R100
Plasing: Artikels	R80

*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.

BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media

ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005

Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.

Beplande verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
April	12 Februarie	23 Maart
Mei	13 Maart	24 April
Junie	16 April	26 Mei
Julie/Augustus	11 Mei	25 Junie
September	9 Julie	24 Augustus
Oktober	14 Augustus	25 September
November	17 September	26 Oktober
Desember/Januarie	14 Oktober	24 November

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.

CVO-SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April

Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie

Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart

Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie

Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember



In tyd het Christus die ewigheid gebring

Ds. Paul Möller

Skriflesing: Romeine 13:8-14 • **Sang:** Gesang 276:1-3 en 358:1, 3, 4 • **Teksvers:** *En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. (Rom. 13:11-12)*

Tyd is iets wat ons almal raak. Dit snel so gou verby. As ons oor tyd praat, kan ons dink in terme van die ewigheid, millennia's, eeue of dekades. Ons kan dink aan jare of 'n maand, weke of selfs net 'n enkele dag.

In ons Skrifgedeelte word daar van 'n paar uur gepraat. Die oorgaan van die nag na die dag: *Die nag het ver gevorder en dit is amper dag* (v. 12). Die werklikheid van die rooïdag lê op die horison. In die Ou Testamentiese tyd was dit die tyd wat die wagte op die stadsmuur die nuwe dag sou aankondig – daardie tydjie van die dag wat dit vir 'n oomblik voel asof tyd stilstaan. Die voëls begin sing. 'n Nuwe dag en nuwe lewe breek aan!

Christus dring in tyd in om vir ons die ewigheid te bring

God het ook 'n nuwe dag aangekondig. Deur die Ou Testamentiese profete word die “dag van die HERE” in die

vooruitsig gestel. So is Christus, die ewige Seun van God, dan in die volheid van die tyd gebore.

God het die nag beëindig en 'n nuwe dag laat aanbreek, die skynbaar nimmereindigende nag vol van die duister, geweld en trane, vol van ongeregtigheid en verwoesting, vol van pyn en verdriet, vol van sonde en dood – hierdie nag word deur die nuwe gloed in die ooste beëindig. Christus het gekom en daarom sal die wêreld nie eindig in die ewige duisternis waarin ons onself deur die sondeval gedompel het nie. Christus is die vervulling van die rooïdagbelofte waarvan die engele sing: ... *dat vir julle vandag ... gebore is die Saligmaker ...* (Lk. 2:11). In Johannes 1:1-5, 9 staan:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Nou het Hy gekom! Hy wat die Alfa is, het vanuit die ewigheid die tyd binnegedring. *En toe agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny, het hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis in die moederskoot* (Lk. 2:21). Toe Hy twaalf jaar oud was, het Hy saam met sy ouers na Jerusalem gegaan en die leraars met sy verstand en antwoorde verbaas.

Só was Hy in die tyd besig om vir ons die ewige lewe te verwerf. Op 30-jarige ouderdom is Hy deur Johannes die Doper gedoopt en direk daarna is Hy vir 40 dae lank deur Satan in die woestyn versoek. Net hierna het Jesus gesê: *Die tyd is vervul en die*

koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie (Mk.1:15). Só breek die rooidag al hoe meer deur totdat die Here Jesus aankondig:

Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug (Joh. 12:23-24).



Op die presiese tyd soos deur God bepaal, is die volmaakte Lam tydens die pasga om negeuur die Vrydagmôre ter slagting gelei. Om twaalfuur het duisternis vir drie uur lank oor die hele aarde toegesak terwyl Hy aan 'n kruishout hang om vir ons die ewige lewe te verwerf. Hier het een van die kwaaddoeners hierdie wonderlike woorde uit die mond van Jesus gehoor: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees* (Lk. 23:43). Aan die kruis het Jesus bly hang totdat Hy uitgeroep het: *Dit is volbring!* (Joh. 19:30). Drie dae later, die Sondagmôre breek die son helder deur: Hy het opgestaan! Die duisternis het die Lig nie oorweldig nie! Veertig dae later het Hy na die hemel opgevaar

en terwyl die dissipels na die hemel kyk, sê twee manne in wit klere vir hulle: *Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het* (Hand. 1:11). Hy is ook die Oméga! Hy het gegaan om vir ons in die ewige woning van sy Vader plek te berei en Hy sal weer kom om ons te kom haal.

Laat ons die tyd uitkoop

Met die oog op die wederkoms van die Here moet ons altyd in gereedheid leef. Hy het immers self gewaarsku: *Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie ...* (Hand. 1:7). Ons weet nie wanneer Hy weer kom nie, maar ons moet uit dankbaarheid altyd tot sy eer leef. Die liefde wat ons in Christus leer ken het, moet ons uitleef sodat sy koninkryk mag kom.

En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. Die nag het ver gevorder en dit is amper dag (Rom. 13:11-12a).

Ons moet die rooidaglig gaan uitleef – elke dag. Gedring deur ons liefde vir God behoort ons ons naaste elke dag lief te hê en met die evangelie te bedien. Die geestelike duisternis wyk nie vanself soos die nag van nature met sonsopkoms wyk nie. Hierdie duisternis moet beveg en deur die Woord verdryf word. Die lig moet in alle plekke wat nog in duisternis verkeer, ingedra word. Ons moet die tyd wat God ons in

hierdie lewe gun, uitkoop. Ons mag nie ledig wees nie. Die tyd is min.

Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is (Efés. 5:15-16).

Ons het net die tyd hier op aarde om sout van die aarde en lig van die wêreld te wees. Ons mag nie in brassery en dronkenskap, in ontug en ongebondenheid, in twis en nydigheid leef nie, maar uit diepe dankbaarheid moet ons in ons huwelike, in die opvoeding van ons kinders, by ons werk, in die kerk – orals Christus verkondig. In Christus alleen, die Alfa en die Oméga, hou die ewigheid nie verskrikking in nie, maar die heerlikheid van 'n ewige verhouding met God.

Slot

Mag ons met die Here Jesus Christus bekleed wees. Alleen vanuit die Lig kan ons in die lig leef. Alleen vanuit die oorwinning van die Koning van die konings kan ons as sy onderdane in die oorwinning leef. Ons het 'n boodskap om te verkondig: Christus Jesus, die ewige Seun van God, het in die tyd vir ons mens geword. Hy, die Sondelose, het vir ons die volle lydensweg geloop. In Hom is daar lewe, die ewige lewe. Laat ons in hierdie lewe die tyd uitkoop en hierdie wonderlike evangelie verkondig. Laat ons soos die wagter op die muur die nuwe dag aankondig. Dáár sal tyd nooit verbysnel nie! Dáár sal ons vir ewig by die ewige God en Vader van ons Here Jesus Christus wees. ☺

Ds. Paul Möller is leraar van die AP kerke Olifantshoek en Postmasburg.

ONTOLOGIE

DOOD AS POORT VAN DIE SIGBARE NA DIE ONSIGBARE WERKLIKHEID



PROF. GERRIT SMIT

In die moderne wêreld word “werklikheid” meestal gedefinieer in terme van wat sigbaar, meetbaar en empiries waarneembaar is. Wat nie deur die sintuie geruik, geproe, gehoor, gesien of getas kan word nie, word dikwels as subjektief of selfs onwerklik beskou. Hierdie verstaan van wat werklik is, is ’n verskraling van die Christelike beskouing oor tyd en ruimte.

Dit maak die fisiese wêreld die maatstaf van waarheid en behandel die onsigbare as iets spekulatief of onseker. Die Bybel praat egter anders. Dit leer dat sowel die sigbare as die onsigbare dinge werklik is, maar dat die onsigbare werklikheid meer blywend is en dat die fisiese wêreld sy betekenis, doel en eindbestemming daaruit kry.

Ontologie in Bybelse konteks

Die woord “ontologie” kom uit die Griekse woorde *ontos*, wat verwys na wese of bestaan en *logos*, wat dui op studie of verantwoordelike

nadenke. Ontologie vra nie bloot hoe dinge werk nie, maar wat dit beteken “om te wees”.

In die Bybelse wêreldbeeld is “werklikheid” nooit beperk tot die sigbare skepping nie. Die Skrif aanvaar van meet af aan ’n skepping wat uit meer lae bestaan, waarin God, die hemele, engele en die ewige lewe nie minder werklik is as die sigbare dinge op aarde nie. Volgens die Bybel is daar nie ’n konflik tussen die sigbare (fisiese) en die onsigbare (metafisiese) werklikhede nie. Hiervolgens word die skepping

nie bloot as materie verstaan nie, maar is gevul met God se teenwoordigheid en staan voortdurend in verhouding tot die onsigbare werklikheid van die hemel.

Die Bybel open met ’n ontologiese uitspraak: *In die begin het God die hemel en die aarde geskape* (Gén. 1:1). Reeds hier word beide die metafisiese (die hemel) en die fisiese (die aarde) binne een skeppingshandeling geplaas. Die hemel is nie ’n latere toevoeging nie en die aarde is nie ’n neweproduk nie. Albei

bestaan omdat God dit wou hê. Hierdie skeppingsvisie verwerp enige vorm van minagting van die sigbare werklikheid asof dit bloot materie is en die mens daarmee kan maak wat hy wil. Die fisiese wêreld is goed geskep, dit het waarde en betekenis. Tog kan dit nie bestaan sonder die onsigbare nie. Paulus stel dat alles “wat sienlik en onsienlik is”, tot eer van Christus geskep is en deur Hom onderhou word (Kol. 1:16-17).

Dood as oorgang in Bybelse ontologie

Teenoor die moderne idee dat die dood die finale einde van menslike bestaan is, bied die Skrif ’n radikaal ander verstaan. In Bybelse ontologie is die dood nie die vernietiging van die mens nie, maar ’n oorgang, ’n deurgang: van die fisiese na die volle ervaring van die metafisiese werklikheid. In die sigbare werklikheid kan ’n mens net ten dele verstaan, maar in die onsigbare werklikheid gaan die mens oor tot die volle verstaan van God en sy doel met die skepping (vgl. 1 Kor. 13:9-12).

Jesus se woorde aan die misdadiger aan die kruis is veelseggend: ... *vandag sal jy saam met My in die Paradys wees* (Lk. 23:43). Hierdie belofte veronderstel ’n onmiddellike, bewustelike voortbestaan ná die dood en nie ’n “sieselslaap” of einde van die mens se voortbestaan nie. Paulus verwoord dieselfde ontologiese werklikheid wanneer hy sê dat om te sterwe is om *met Christus te wees, want dit is verreweg die beste* (Filip. 1:23). Hy beskryf die aardse liggaam as ’n tent wat afgebreek word, terwyl die gelowige ’n ewige woning van God ontvang (vgl. 2 Kor. 5:1).

Vir die Christen is die dood dus nie die einde van die lewe nie, maar die begin van ’n voller lewe. Dit is die oorgang van die tydelike na die ewige, van die gebroke skepping na die onmiddellike teenwoordigheid van God.

Die hoogtepunt van die Bybelse ontologie is die opstanding van die liggaam. Paulus beklemtoon dat die opgestane liggaam nie ’n terugkeer is na ’n fisiese liggaam nie, maar ’n verheerlikte bestaan:

... daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid (1 Kor. 15:42).

Hiermee word bevestig dat God se doel nie is om die fisiese werklikheid te vernietig nie, maar om dit te vernuwe. Die metafisiese is nie die ontkenning van die fisiese nie, maar die vervulling daarvan. In die nuwe skepping word hemel en aarde weer verenig (vgl. Openb. 21) en die mens leef liggaamlik én geestelik in volle gemeenskap met God.

Hans Boersma se sakramentele ontologie

Hier sluit Hans Boersma¹ se sakramentele ontologie betekenisvol aan by die Bybelse getuienis. Volgens Boersma het die kerk deur die eeue die wêreld nooit as bloot materieel verstaan nie. Die geskape orde is ontologies ingebed in die onsigbare dinge. Christus is nie net Verlosser nie, Hy is ook die grond van alle bestaan – alles hou in Hom stand (vgl. Kol. 1:17). Boersma wys daarop dat die moderne kultuur hierdie sakramentele verstaan verloor het. Die wêreld word gesien as ’n versameling selfstandige objekte,

los van mekaar, eerder as ’n werklikheid wat soos ’n tapisserie ingeweef is en aan God se skepping deelneem. In die Bybelse en klassieke Christelike ontologie is die wêreld ’n sigbare deelname aan die onsigbare dinge. Paulus se briewe bevestig hierdie ontologie van deelname: Gelowiges is nou reeds saam met Christus opgewek en saam met Hom in die hemele (vgl. Efés. 2:5-6); hul burgerskap is nie op aarde nie, maar in die hemele (vgl. Filip. 3:20); hul ware woning is by God (vgl. 2 Kor. 5:1). Dit beteken nie dat die aarde ontken of prysgegee moet word nie, maar dat die aarde sy betekenis vanuit die hemel ontvang.

Teen hierdie agtergrond word die dood verstaan as die ontologiese voltooiing van die mens se bestaan. Die fisiese lewe word nie uitgewis nie, maar in ’n voller werklikheid opgeneem. Die Skrif praat daarom van die dood as “lewe”, asof die aardse bestaan nog nie die volle betekenis van dié woord dra nie.

Boersma se ontologie help om die Bybelse beeld van die dood as deurgang te verstaan. Soos Israel deur die Rooisee gegaan het en Christus deur die graf, gaan die gelowige deur die poort van die dood na die ewige lewe. Die liggaam sterf, maar die mens gaan oor na ’n dieper, voller vorm van werklikheid. Dit is nie na iets wat minder werklik is nie, maar meer werklik, aangesien dit nét met die geloofsoog en deur die verlossing van Christus gesien kan word.

Prof. Gerrit Smit is rektor van die AP Akademie en leraar van die AP Kerk Wonderboom.

1. Hans Boersma, *Heavenly Participation: The Weaving of a Sacramental Tapestry*, (Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing, 2011), hfst. 1.

Hierdie ontologie staan lynreg teenoor die moderne materialisme wat die wêreld en die sigbare dinge as enigste einddoel verstaan. In só 'n raamwerk word die dood noodwendig die einde van bestaan en 'n verskriklike verlies wat ten alle koste vermy moet word. Die Bybel en die Christelike tradisie verwerp dit. Werklikheid is nie beperk tot wat gemeet en gesien kan word nie. Die sigbare dra altyd meer as wat die oog sien omdat dit ontologies in Christus se ewige lewe gewortel is.

Pastorale implikasies

Hierdie Christelike verstaan van die ontologie bring diep pastorale troos. As die dood nie die einde is nie, maar die deurgang tot die lewe, verander dit hoe ons leef, sterf en treur. Die sigbare lewe op aarde is maar net 'n voorportaal van die ewigheid. Elke daad op aarde dra ewigheidsgewig. Jesus se woorde bly daarom die sleutel:

Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe (Joh. 11:25).

Om in Christus te lewe en te sterwe, is om nou reeds deel te hê aan die ewige lewe.

Slot

Die Bybelse ontologie weier om die werklikheid in 'n fisiese versus geestelike-teenstelling te versnipper. Die dood is nie die einde van die lewe nie, maar die poort na die ware lewe. In Christus is die dood reeds oorwin. Om dié rede is die dood vir 'n gelowige die deur na die onsigbare werklikheid by God. ☺

Huisbesoek is 'n uitdagende taak waarvoor min ampsdraers opgewasse voel. Dit is daarom noodsaaklik om hulpbronne beskikbaar te stel wat hiermee kan help. Gee julle vir hulle iets om te eet bevat dertig huisbesoekkonsepte wat ampsdraers bemaagtig om planmatig en deeglik huisbesoek te doen. Elke konsep bevat 'n doelwitstelling, 'n teksgedeelte vir Skriflesing, agtergrondmateriaal vanuit die Drie Formuliere van Eenheid wat die onderwerp dien, aktuele besprekingsvrae, 'n verduideliking van die teksgedeelte en voorstelle vir 'n gebed. Die tematiese Skrifindeks agterin is veral waardevol.



PRYS: R120




PRYS: R250

“Hierdie publikasie bied 'n diepgaande teologiese ondersoek van Ester wat verby blote geskiedskrywing beweeg.”

**Prof. Dr. Adriaan Neele,
Puritan Reformed
Theological Seminary**

Die boek Ester is 'n uitnodiging tot geloof – die geloof dat God se hand nie altyd gesien word nie, maar altyd aan die werk is. Hierdie versluiering maak die boek besonders relevant vir ons eie tyd waarin die kerk van Christus soms in die skadu van sekularisme en vrees leef. Dit roep die leser om weer te leer om nie op die sogenaamde toeval te vertrou nie, maar op die beskikking van God.

Gebore vir 'n tyd soos hierdie bring verskeie teologiese aksente vanuit 'n eie invalshoek saam, maar almal gewortel in 'n gemeenskaplike oortuiging dat die boek Ester méér is as 'n verhaal van oorlewing van die Joodse volk in die Persiese Ryk. Dit is 'n getuigenis van God se voorsienigheid wat sy volk bewaar, van die stryd tussen lig en duisternis wat deur die eeue bly voortwoed, en van die sekerheid dat die ware Koning regeer, selfs wanneer Hy stil is.



... my boog gee Ek in die wolke; dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond ... (Gén. 9:13-15)

DWARS

2. Om die aarde te vernietig (9:11)
4. Afbeelding van die verbond (9:13)
7. Om totaal te vernietig (9:15)
8. Insekte wat voortskuiwe (8:19)
9. Langdurige (9:12)
12. Totaal vernietig deur water (9:11)
16. Verdigsels, onwaarhede (8:21)
19. Opening in die ark waardeur die kraai kon vlieg (8:6)
24. Dui op God se karakter, eienskappe en Wese (9:6)
25. Gebergte in Assirië (8:4)
26. Aan die mens onderwerp (9:2)

27. Natuurverskynsel (8:1)
29. Voedsel vir die mens (9:3)
30. In herinnering geroep (8:1)
31. Te vestig, ingestel (9:17)

AF

1. Hulle is sigbaar in die tiende maand (8:5)
2. Saam met wilde diere in die ark (8:1)
3. Waterwerke van die hemel (8:2)
4. Spitse word sigbaar (8:2)
5. Kenmerk van wintertyd (8:22)
6. Dit het die aarde verwoes (9:11)

7. Om bloed uit te stort (9:6)
10. Om te krioel (8:17)
11. Die aarde is verdoem (8:2)
13. Pluk- en maaityd (8:22)
14. Blaar van 'n bekende boom (8:11)
15. Een van die seisoene (8:22)
17. Hul orde of spesie (8:19)
18. Stortbui, oorstroming (8:2)
20. Ploeg en plant (8:22)
21. Onthouende van verbond (9:16)
22. Eerste voël wat uitgestuur is (8:7)
23. Teken van die verbond (9:13)
24. Voortgang, verroer (9:3)
28. Rein voël wat 'n olyfblad vir Noag gebring het (8:8)



Helderberg en die horlosie

Prof. Johan Bosman

Min dinge is so modern soos 'n ry mense wat wag om die natuur binne te gaan. Die berge staan al eeue lank oop, maar die mens, met sy hekke, openingstye en kaartjies het uiteindelik daarin geslaag om selfs die ewigheid in wagtyd te verander. Dit tel onder die groot ironieë van hedendaagse vooruitgang: Hoe meer ons vryheid organiseer, hoe minder voel ons vry. Hoe groter die behoefte aan God, hoe minder soek mense toegang tot Hom.

Vroegoggend

Dit is agtuur op 'n Saterdagoggend. Die son is reeds aan diens. Die berg is reeds daar. Net die mens is laat. Daarom staan jy in 'n ry. Jy kyk op jou horlosie, nie omdat die berg jou jaag nie, maar omdat jou eie lewe dit doen. Die klok tik nie net die sekondes verby nie; dit meet jou angs.

Sommige glip egter verby. Hulle is “vriende van die reservaat”. Hulle het vooruit betaal vir wat in werklikheid aan God behoort. So het hulle toegang tot die oggend, tot die koel lug, tot die begin van die dag. Hulle kan reeds om vyfuur opstap, nie omdat die berg hulle nodig het nie, maar omdat hulle die son en die sweet beter verstaan. Hulle weet, instinktief, dat daar iets is wat verlore gaan as jy te laat begin.

Ons praat graag van tyd asof dit 'n horlosie is, maar dit is veel nader aan 'n berg. Dit beweeg nie. Ons beweeg. Hoe vinniger ons beweeg, hoe meer dink ons dit beweeg. Die horlosie is nie die maatstaf van werklikheid nie, maar die meetinstrument van ons ongeduld.

Griekse woorde

Die ou Grieke gebruik twee woorde vir tyd: *Chronos* is die tyd wat jy meet. *Kairos* is die tyd wat jou meet. *Chronos* is wat jou horlosie sê wanneer jy by die hek aankom. *Kairos* is wat jou hart sê wanneer jy op die kruin staan en skielik nie meer weet watter dag dit is nie.

Chronos sê:
Dit het jou dertig minute geneem om in te kom.

Kairos sê:
Jy is nou op heilige grond.

Die moderne wêreld het *chronos* en *kairos* herdefinieer. Ons meet alles – ure, skofte, produksie, vakansiedae, lewensfases – maar ons weet nie meer wanneer iets die moeite werd is nie. Ons het baie tyd, maar min genot. Ons het baie kalenders, maar min vreugde. Ons het baie sperdatums, maar min vervulling.

Die ou wêreld het anders gedink. Die boer het nie gevra hoe laat dit is nie: Hy het gevra of dit lente is.

Die monnik het nie gevra hoeveel minute oor is nie: Hy het gevra watter gebed dit nou is. Hulle het tyd nie besit nie; hulle het daarin gewoon. Hulle het tyd nie bestuur nie; hulle het dit ontvang.

Is tyd geld?

Die moderne mens besit tyd soos geld. Jy spaar dit. Jy mors dit. Jy leen dit selfs. Uiteindelik leef jy altyd bankrot. Jy het nooit genoeg tyd nie, al leef jy langer as menige vorige geslag. Jy jaag nie omdat jy min tyd het nie, maar omdat jy nie weet waarvoor tyd is nie. Dikwels voel mense haastig, maar leeg. Ondertussen vra die Bybel: “Wat is jou lewe? Dit is soos rookdamp wat 'n kort tydjie verskyn en dan verdwyn.” Jy mag dalk jou horlosie beheer, maar sukkel met jou siel.

Dit is waarom die Bybel so vreemd klink vir 'n moderne oor. Dit praat van dae wat deur God gemaak is. Van feeste wat nie deur mense uitgedink is nie. Van 'n Seun wat nie “op 'n goeie oomblik” gekom het nie, maar “toe die volheid van die tyd gekom het”. God het nie net tyd gemaak nie; Hy het dit ingevul.

Wat so skokkend is

Dit is die skokkende eis van die Christelike geloof: Dat daar in die eindelose verloop van *chronos* 'n *kairos* was – 'n oomblik wat nie net belangrik was nie, maar alles verander het. Dat God self, die Ewige, besluit het om in ons ure en dae te kom woon. Dat Hy besluit het om 30 jaar lank betyds te wees vir ontbyt, moeg te wees in die middag, en uiteindelik op 'n Vrydag te sterf. Hy het onder *chronos* gebuig totdat sy *kairos* aangebreek het, naamlik die vooruit bepaalde uur van sy kruis.

Dit is die ware skandaal van die inkarnasie: Nie dat God mens geword het nie, maar dat Hy tydelik geword het. Nie toevallig nie, maar doelbewus vir sondige mense.

Die moderne wêreld hou nie daarvan nie. Dit verkies rewolusies bo die inkarnasie. Dit wil hê tyd moet bars, nie vrug dra nie. Dit soek altyd die groot oomblik – die politieke deurbraak, die kulturele kantelpunt, die ekonomiese redding – en noem dit 'n *kairos*. Soos Suid-Afrika ... 1994. Maar dit is 'n *kairos* sonder Christus en daarom 'n oomblik sonder toekoms.

So kry ons vuurwerke sonder 'n sonsopkoms. Helder lig, groot geraas – en dan duisternis.

Wat so anders is

Die evangelie werk anders. God het sy *kairos*. Hy het 'n tyd bepaal vir die skepping. Hy het 'n tyd bepaal vir die sondvloed. Hy het 'n tyd bepaal vir Israel. En, die wonder, Hy het “toe die volheid van die tyd gekom het” sy Seun gestuur. Dit verander nie die

wêreld deur dit te skok nie, maar deur dit te red. Dit breek nie die rivier van tyd oop nie; dit gee vir die rivier 'n monding. Dit sê nie alles moet nou verander nie. Dit sê: Alles het 'n einde en 'n doel.

Daarom is die erediens vir die moderne mens so irriterend. Dit is nie opwindend nie. Dit is herhalend. Dit kom elke week terug soos die son. Dit doen elke keer min of meer dieselfde dinge: lees, bid, sing, luister, ontvang. Dit is soos asemhaal. Maar juis daarom hou dit jou aan die lewe. Dit is waarom die moderne mens se gepraat van “rewolusionêre *kairos*” so gevaarlik is. Hulle wil God se uur steel. Hulle wil verlossing sonder verootmoediging, verandering sonder bekering, koninkryk sonder kruis hê. Maar God se *kairos* kom nooit sonder Gólgota nie.

Wat so heerlik is

Die vreeslike, maar heerlike waarheid is dit: Ook jy het 'n *kairos*. *Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie ...* (Hebr. 3:15). Jy mag nog baie *chronos* hê – baie dae, baie jare – maar jy het geen waarborg dat jy nog een dag van genade het nie. Die uitgeputte mens jaag van *kairos* na *kairos* – van krisis na krisis, van deurbraak na deurbraak en eindig met geen rus, geen betekenis nie. So 'n mens leef in die oomblik, maar sonder ewigheid. Jy leef vinnig, maar sonder rigting. Jy het baie stories, maar geen verhaal nie.

Die Christen daarenteen, stap. Soos iemand wat Helderberg uitklim. Jy weet dit gaan lank neem. Jy weet dit gaan sweet kos. Jy weet daar sal oomblikke wees

wanneer jy nie meer die kruin kan sien nie. Maar, jy weet ook waarheen jy op pad is. Jou tyd is nie leeg nie; dit is op pad; dit het 'n monding ...

Elke tree is *chronos*.

Die doel is *kairos*.

Op die kruin

Wanneer jy uiteindelik op die kruin staan en oor die see en die berge en die valleie kyk, besef jy iets wat geen horlosie kan wys nie: Dat tyd nie jou vyand was nie, maar jou metgesel. Dat elke uur, elke dag, elke seisoen van jou lewe deel vorm van 'n pelgrimstog tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms. Daarom hoef jy nie paniekerig te leef nie. Jy hoef nie te voel dat as jy hierdie oomblik mis, jy alles verloor nie. Jou lewe is veilig in Christus.

Tyd is nie jou vyand nie; dit is die plek waar God met jou werk. Die wêreld is groter as jou skedule. God se genade is groter as jou verlede en jou toekoms. Jy voel wel klein, maar besef hoe groot God se genade is. Die berg verkondig sy mag; die kruis verkondig sy liefde.

Dit is waarom selfs 'n Saterdag al van die Sondag begin sing. Want jy leef nie net in die week nie. Jy leef in die ewigheid wat in die week ingekom het.

Die horlosie hou aan tik.
Die berg bly staan.
God bly getrou.
Dit is genoeg tyd.

Christus se bloed maak die verskil.
Dit is jou toegangfooi. ☺

Prof. Johan Bosman is hoogleraar in diakoniologie aan die AP Akademie.



In ons eie tyd

Ds. Johan Schütte

Dikwels hoor 'n mens in gesprekke 'n hunkering na die “goeie ou dae”. Dit het ook algemeen geword om verskillende generasies al hoe meer van mekaar te onderskei. Eers was dit die sogenaamde Boomers of die latere Millennials. Toe kom die generasies X, Y en Z en toe die letters van die alfabet op is, word dit die Alpha-generasie. Ouer mense sal maklik sê dat hulle vóór die era van die rekenaar gebore is.

Dit is verstaanbaar dat Christene wat die woord “generasies” hoor, aan Bybelse geslagsregisters dink. Die woord se betekenis het egter in ons tyd verander. Nou word generasies gevorm deur mense vanuit dieselfde vormingsjare, met 'n gemeenskaplike kultuur. Maar dit is opmerklik hoe elke generasie se kringetjie al hoe kleiner word. Een van die dae sal amper almal wat op 31 Januarie gebore is, 'n nuwe generasie genoem word.

Stel jy dieper ondersoek in, ontdek jy dat dit baie anders is as die Bybelse siening van generasies. In die Skrif is 'n generasie net een aspek van 'n Bybelse Christelike siening van tyd. Jy sal vinnig opmerk dat daar in die Bybel 'n geweldige klem op generasies, oomblikke en ure is.

Baie van hulle is positief. Dink aan 1 Kronieke 12:32 waar ons lees

dat die seuns van Íssaskar manne was *met kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Israel moes doen ...* Of die bekende woorde in Ester 4:14: *... en wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?*

Baie van die Bybelse voorbeelde is negatief en vertel van verspeelde geleenthede. Ons lees byvoorbeeld in Jeremia hoe die farao die bepaalde tyd laat verbygaan het! In die Evangelies sien jy dit amper op die negatiefste manier. Nie net die mense rondom Jesus nie, maar selfs sy naaste dissipels het Hom nie verstaan nie. Met die intog in Jerusalem ween Hy omdat Jerusalem God se oomblik gemis het toe dit aangebreek het. Hier was die Verlosser onder hul neuse en hulle sien nie in dat dit die volheid van die tyd is nie.

Daar is egter een baie positiewe voorbeeld in die Nuwe Testament wanneer Paulus in die sinagoge van Antiochië in Pisídië preek (vgl. Hand. 13). Basies is sy preek die geskiedenis van die Joodse volk wat tot die groot klimaks kom met Christus as die beloofde Koning uit die geslag van Dawid. Hy vergelyk Dawid en Jesus met mekaar en kom tot die gevolgtrekking: Albei het gesterf, maar Jesus het uit die dood opgestaan. In vers 36 kry ons die byna terloopse opmerking:

Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het ...

Die dienende Koning

Hierdie woorde is eintlik verrassend, want in die antieke wêreld was heersers nie dienend (diensbaar) nie – die mense het die heersers gedien. Die hiërargie van antieke regerings word byvoorbeeld deur die piramides uitgebeeld – die breë onderkant verteenwoordig die massas van mense en die spits die heerser.

In die Bybel leer ons egter van dienende heersers. God het alle mag en as ons iewers gesag uitoefen, bedien ons bloot sy gesag ten behoeve van hulle onder ons. Die kernbegrippe is rentmeesterskap en diensbaarheid. Daarom lees ons Dawid het gedien. Hy was 'n heenwyser na Christus.

Van Christus word spesifiek gesê dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (vgl. Mt. 20:28). Hy het dit gedemonstreer toe Hy sy dissipels se voete gewas het. Nou roep Hy ons tot diens in sy koninkryk. Ek word opgeroep om my hele lewe op diens aan Hom te fokus. Om voluit te leef, is om Hom te aanbid en Hom te dien.

Diens volgens God se raad

Baie mense leef met die idee dat die geskiedenis homself herhaal.

Veral soos wat die invloed van Oosterse godsdienste soos Hindoeïsme en Boeddhisme groter geword het, het mense begin aanvaar dat tyd soos 'n wiel of 'n sirkel is – dinge herhaal hulself die hele tyd. Een van die probleme in Hindoeïsme is nie dat jy sterf nie, maar dat jy weer terugkom. Hulle reken dit kan tot 18 000 keer wees! Niks is van betekenis nie – dit is net hierdie oneindige herhaling. Of vergelyk dit met al die sekulêre mense se idees dat daar geen oorkoepelende betekenis in die lewe nie. Dit gaan nêrens heen nie.

Hierteenoor staan die openbaring van God wat die kosmos geskep het. 'n God wat sy volk roep en 'n God wat individue roep. Hy gee aan jou 'n doel en 'n betekenis. Jy ontvang 'n roeping van Hom. Hy kom maak jou deel van 'n oorkoepelende plan waar alles in die geskiedenis na 'n hoogtepunt op pad is: die wederkoms van Jesus Christus. Nie 'n eidelose herhaling nie, maar 'n ewigheidsbestaan. As God 'n plan vir die wêreld het, sal Christene noodwendig anders oor tyd dink.

Diens op 'n spesifieke tyd

Dawid het sy eie geslag volgens God se raad gedien. Hoe lyk ons eie tyd en geslag? Die afgelope G20-beraad was 'n poging om mense te laat besef dat hulle deel is van 'n globale wêreld waar almal aan mekaar verbind is. Danksy tegnologie kan jy maklik in verbinding kom met enige iemand op die aarde. Jou e-pos kom saam met jou selfoon (al is jy met vakansie) en almal verwag jy moet dadelik reageer en antwoord. Jy moet in die oomblik leef en dan nog boonop die hele tyd daardie oomblikke op sosiale media deel

as bewys dat jy voluit leef. Die gevolg is dat ons almal oorweldig is deur hierdie vinnige lewe wat op ons afgevuur word.

Wanneer jy egter weet dat God vir jou 'n roeping het, kan jy ook hierdie dolle gejaag reg hanteer. Roeping help jou om op jou taak te fokus. Jy is hier vir 'n spesifieke werk op 'n spesifieke tyd. Ons kan nie die wêreld red of bestuur nie. Al wat die Here ons geroep het om te doen, is ons roeping. Ons is nie verantwoordelik vir die hele wêreld nie.

Ons is wel verantwoordelik vir ons taak en vir ons tyd: Om God se doel binne ons generasie te dien.

Diens kom tot 'n eenvoudige einde

Dawid het ontslaap nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het. Hy het sy roeping vervul. Hy het sy taak voltooi. Paulus is egter besig met 'n teenstelling: Dawid het gesterf, Jesus het gesterf. Jesus het opgestaan, maar Dawid is nog steeds in die graf.

Hy gebruik 'n bekende eufemisme, 'n sagter manier om iets te sê. Die dood is nou maar eenmaal lelik en finaal. Maar dit is nie 'n eufemisme wat op ontkenning gebou is nie. Dit is 'n sagter manier wat op waarheid gebou is. Want net soos jy gisteraand sonder vrees jou kop op jou kussing neergelê het en vanoggend wakker geword het, so sal elke gelowige aan die einde van sy lewe sy kop op die kussing neerlê en by die Here wakker word. Waarom? Omdat God sy belofte hou, selfs in die stof. Jesus het gesterf, Hy het opgestaan uit die dood en ons

sal ook as helde opstaan. Daarom is die dood vir ons net soos om te gaan slaap.

Om ons generasie volgens God se doel te dien

Jesus het oor Jerusalem geweene omdat sy die belangrikste oomblik gemis het. Om dit te verhoed, moet ons bid om van alle valse, misleidende lense wat keer dat ons God se doel in ons tyd sien, bevry te word. Die Jode het 'n verkeerde idee van die Messías gehad. Hulle het 'n kryger op 'n wit perd verwag om die Romeine die see in te jaag. Ons Here kom op 'n donkie. Hy het ander perspektiewe, ander prioriteite en hulle het dit gemis.

Ons moet bid om anders te wees as Jakobus en Johannes, twee van die drie naaste aan Hom. Hulle wou die beste plekke in die koninkryk hê – en hul moeder het daarvoor gevra! Waak daarteen dat jou persoonlike ego alles verdraai.

Luister na en volg die Heilige Gees wat jou uit die Woord van God begelei. Ons leef in 'n tyd wat homself vir die bonatuurlike doof hou. Bid dat die Heilige Gees al hoe meer oë sal oopmaak. Dit is bowenal waarna ons streef – nie menings of geleerdheid nie. Niemand is daarin geïnteresseerd nie.

Die manne van Dawid was vaardig om die tekens van die tye te lees, om te weet wat dit wys en wat hulle moet doen. Dit is die hele punt. Uiteindelik moet elkeen van ons individueel, en almal saam, God se doel in ons tyd dien. Mag dit van die AP kerkverband gesê word. 🙏

Ds. Johan Schütte is direkteur van Kerk-administrasie en hoogleraar in ekklesiologie aan die AP Akademie.



Hoe werk tyd vir God?

Ds. Markus Mattheus

Wanneer jy jonk is, lê jou hele lewe voor. Jou eie verganklikheid is nie noodwendig iets waaraan jy gereeld dink nie. Namate jy ouer word, dring die besef egter tot jou deur dat die lewe kort is. Wanneer ouer mense terugdink oor hul jongdae of iets wat lank terug gebeur het, hoor ons dikwels hoe daar gesê word: “Dit voel soos gister.”

Hierdie waarheid word natuurlik in die Bybel self geleer. Ons leef immers *sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar ... want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen* (Ps. 90:10). Die mens is dus gebind aan ruimte en tyd. Net soos alle ander skepsels het ons ’n duidelike beginpunt. Wat ons aardse bestaan betref, het ons ook ’n definitiewe eindpunt. Want die verganklikheid kan nie die onverganklikheid beërwe nie (vgl. 1 Kor. 15:49-50).

Daarteenoor leer die Bybel egter dat God anders is. Hy is ’n ewige Wese (vgl. Ps. 90:2). Omdat ons binne tyd en ruimte leef en daaraan verbonde is, is dit baie moeilik om werklik ’n begrip van God se ewige karakter te vorm. Wat die waters selfs meer vertroebel, is die wyse waarop ons dikwels die woord “ewig” aanwend. Daarmee bedoel ons gewoonlik bloot “’n baie lang tyd”. Die Bybel self gebruik die woord “ewig” dikwels op hierdie manier.

Wanneer die Skrif die term “ewige lewe” gebruik, word die lewe ná hierdie lewe bedoel waar God se kinders vir altyd by Hom sal wees en alle onverganklikheid tot ’n einde kom. Elkeen wat die ewige

lewe binnegaan, kan weet: Die dood sal daar nie meer wees nie (vgl. Openb. 21:4).

Wat ons egter terdeë moet besef, is dat gelowiges wat die ewige lewe beërwe nie in die volle sin van die woord ’n ewige wese soos God word nie. Wanneer God Homself as ’n ewige Wese openbaar, het dit ’n baie groter en dieper betekenis as die normale gebruik van die woord.

God se karaktereenskap van ewigheidsbestaan kan nie van sy oneindige aard losgemaak word nie. Omdat Hy oneindig is, word Hy nie deur ruimte beperk nie. Daarom is Hy alomteenwoordig. Hy is orals. Omdat die Here ewig is, kan Hy nie deur tyd gebind word nie. Hy is altyd. Hy het nie ’n begin of ’n einde nie. God word nie deur tyd en ruimte beperk of gebind nie, juis omdat tyd en ruimte deel van die geskape werklikheid is. Hy staan dus geheel en al buite tyd en ruimte. ’n


Mens sou dit anders kon stel: Tyd en ruimte bestaan omdat daar ’n ewige, oneindige God is wat tyd en ruimte geskep het.

Die implikasie hiervan is dat tyd geheel en al anders vir God werk as vir ons. God se ervaring van tyd is nie liniêr soos wat ons dit beleef nie. Ons ervaar tyd as die opeenvolging van gebeure. Ons leef net in die hede. Die verlede is reeds afgehandel en ons kan nie daarheen terugkeer nie. Ons kan die toekoms nie sien nie en weet nie wat lê vir ons voor nie (vgl. Jak. 4:14). Die Here kyk egter van buite tyd en ruimte na die verlede, die hede en die toekoms terwyl Hy dit alles gelyktydig raaksien.

Verskillende beelde word gebruik om dit te illustreer. Dr. S Lewis Johnson jr. gebruik die beeld van ’n karnaval met ’n prosessie wat verby jou beweeg. Indien jy op ’n straathoek staan, kan jy slegs die mense sien wat nou by jou verbygaan. Maar indien jy op ’n baie hoë gebou staan, kan jy al die deelnemers aan die karnaval op een slag sien.¹ In *Mere Christianity* vergelyk CS Lewis God met die outeur van ’n boek. Die outeur van die verhaal staan buite die



bepierking van die tyd en ruimte waarin die verhaal afspeel, maar die karakters is vasgevang in die liniêre beweging van die gebeure. Indien die outeur sou skryf: “Maria sit haar werk neer; die volgende oomblik klop iemand aan die deur”, is daar nie vir Maria ’n gaping in tyd tussen die twee gebeure nie. Die outeur kan egter drie uur bestee om oor Maria te besin tussen die skryf van die twee frases. Die skrywer kan die hele tydlyn van die verhaal op een slag sien, by ’n spesifieke gebeurtenis stilstaan of vlugtig oor ’n gebeurtenis kyk.



Wat beteken dit alles vir ons? Ons aanbid ’n wonderlike God. Wie werklik daarvoor begin nadink, kan nie anders as om verstom te staan voor die onbepierkte aard van God se karakter nie. Wanneer ons besef hoe groot Hy is, bring dit die troos dat die Here nie deur die gebeure in hierdie wêreld onkant gevang word nie. Die opstand van die duiwel en die bese geeste in die lug, die vyandige optrede van die goddelose en selfs die sondeval van die mens, was nie vir Hom ’n verrassing nie.

Die Here hoef nie die toekoms te voorspel nie, Hy sien dit alles in die hede gebeur omdat Hy baie groter is as selfs die liniêre beweging van tyd. ☺

Ds. Markus Mattheus is leraar van AP Kerk Naboomspruit.

1. <https://bit.ly/4q8jQlj>.

Waarom ’n CVO Skool vir jou kind?

Ons het albei in Calvinistiese huise grootgeword en ons het elke moontlike Volkswaggeleentheid, Geloftefees en ander volksfeeste as kinders bygewoon en mekaar ook so ontmoet. Dit was dus nie vir ons vreemd om Pretoria toe te ry vir ’n naweekfees nie.

As boekhandelaar kon ek ook duidelik sien hoe kinders deur publieke skole se boekinhoud al vir jare gedwing word om iets anders as wat ons glo, te leer. Dit was ook duidelik dat talle ouers en hul kinders nie veel van ons volksgeskiedenis weet nie. Hierdie onkunde laat hulle skuldig voel oor hul verlede.

As oudlid van 32 Bataljon is ek trots op my deelname in die Grensoorlog en ek het my kinders geleer om op aandag te staan wanneer “Die Stem” gesing word, iets wat ongelukkig nie meer gebeur nie.

Met bogenoemde in ag genome, is ons geloof in God Drie-enig en volkstrots sentraal tot ons wese. Daarom was ons keuse vir ’n CVO Skool natuurlik en eenvoudig! Ons bly langs ’n sogenaamde goeie laerskool, maar dit greef ons ten diepste om die gemaksug van ons mense te sien en alle verskonings om nie na ’n CVO Skool te gaan nie, aan te hoor. As ouers het ons mnr. Pieta Oosthuizen (voormalige hoof van CVO Dankbaar) altyd so jammer gekry oor al die halfgebakte verskonings wat hy in sy kantoor moes aanhoor waarom ouers en vriende die skool oor die jare heen verlaat het.

’n Klompie jare gelede is daar ’n “Onthou jou helde”-manneand vir CVO Dankbaar gereël. Ons kinders leer ook vandag met trots van vele volkshelde. Deur die jare heen het my eie begrip van hedendaagse volkshelde soos ons dit ken, verbreed. Ja, ek het van hulle ook by CVO Dankbaar in aksie gesien in die uitvoer van hul liefdestaak.

As u iewers deel is van ’n gemeenskap wat ’n CVO Skool ondersteun, mag u as ouers saam trots wees op daardie gemeenskap.

Ons kinders, David en Stefani, was albei waarlik gelukkig by CVO Dankbaar. Ons glo dus ons het hulle iets dieper laat sien en ervaar deur ons keuse van ’n skool waar ’n Bybellokaal jou “groet” wanneer jy die skoolterrein betree. Wat meer as dit kan enige ouer voor vra?

Theo en Esther du Plessis
Matriekouers 2025



Die horlosie van genade: Wat beteken die “volheid van die tyd”?

Ds. Nico Hefer

In ons moderne wêreld word tyd dikwels as ’n vyand beskou. Ons veg teen spertye, kla oor die spoed van die lewe en voel gereeld dat tyd deur ons vingers glip. Tog, wanneer ons die Skrif oopmaak, ontdek ons ’n radikaal ander perspektief. Tyd is nie ’n blinde meganisme of ’n sirkelgang sonder einde nie. Dit is die teater waarin God sy verlossingsplan ontvou. Die hartklop van hierdie Goddelike tydsberekening vind ons in die aangrypende frase: “Die volheid van die tyd.”

God as die argitek van tyd

Ons bely die soewereiniteit van God oor alle dinge en dit sluit natuurlik tyd in. God staan nie as ’n passiewe toeskouer buite die geskiedenis nie. Hy is die Een wat die tyd en geleentheid bepaal.

Wanneer Galásiërs 4:4 sê:
Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, beteken dit dat die koms van Christus nie ’n toevallige gebeurtenis was nie. Dit was die oomblik waarvoor die hele skepping gewag het – die punt waar die vervulling van God se ewige raadsplan ’n hoogtepunt bereik het.

Belofte en vervulling:

Die getrouheid van God

Die “volheid van die tyd” kan nie verstaan word sonder om na die Ou Testament terug te kyk nie. Van die oomblik van die sondeval in die tuin van Eden het God ’n belofte gemaak van ’n Verlosser wat die kop van die slang sou vermorsel. Vir duisende jare het die volk van God in afwagting geleef. Elke offer in die tabernakel, elke profesie van elke profeet

en elke sug van die ballinge was ’n heenwysing na hierdie een oomblik.

God se tydsberekening toets dikwels ons geduld, maar dit bevestig sy getrouheid. Die volheid van die tyd beteken dat God nie een dag te vroeg of een dag te laat was nie. Die politieke stabiliteit van die Romeinse Ryk, die verspreiding van die Griekse taal en die geestelike honger van die Joodse volk het alles saamgevloei onder God se voorsienigheid om die perfekte platform vir die evangelie te skep.

Die kruis: Middelpunt van die geskiedenis

Die klimaks van hierdie volheid vind ons by die kruis. By Gólgota bereik God se tydlose plan ’n brandpunt. Jesus se kruisdood was nie ’n tragiese onderbreking van sy bediening nie, maar die doelbewuste vervulling daarvan. Wanneer Hy aan die kruis uitroep: *Dit is volbring!* verklaar Hy dat die tyd van skaduwees verby is. Die skuld is betaal, die wet is vervul en die nuwe verbond is bekrachtig. Die horlosie van verlossing het

sy finale slag ten opsigte van die versoening tussen God en mens geslaan.

Die eskatologiese venster

Die volheid van die tyd het egter ook ’n toekomsdimensie. Hoewel die deurslaggewende oorwinning reeds behaal is, wag ons nog op die finale voleinding.

Ons leef in die spanningsvolle tyd tussen wat reeds gebeur het en nog moet gebeur. Die koninkryk het in Christus gekom, maar ons wag op die dag wanneer Hy weer sal verskyn om alle dinge nuut te maak.

Die Bybel leer ons dat daar weer ’n “volheid van die tyd” sal wees – ’n vasgestelde dag en uur wat die Vader alleen ken wanneer die geskiedenis tot sy finale bestemming gelei sal word. Dan sal tyd, soos ons dit ken, in die ewigheid opgaan. Die hele skepping kreun in afwagting hierop.

Alles op die regte tyd

Vir die gelowige vandag bied hierdie konsep enorme troos. As

God die wêreldgeskiedenis met soveel presisie bestuur het dat sy Seun op die regte oomblik gebore is, en op die regte oomblik aan die kruis gesterf het, kan ons vertrou dat Hy ook ons persoonlike lewens se tydsberekening met volmaakte akkuraatheid bestuur. Die “volheid van die tyd” leer ons dat God se tyd die regte tyd is. Sy

horlosie loop hand aan hand met sy genade.

Wandel in God se tyd

Om die volheid van die tyd te begryp, is om in die hande van die lewende God te rus. Dit beteken dat ons ophou om teen die horlosie te veg en begin om binne God se genadetyd te leef.

Ons kyk met dankbaarheid terug na die kruis, ons leef vandag met vertroue en ons kyk vorentoe met hoop.

Tyd behoort aan God. Hy is die Alfa en die Oméga. Sy tydsberekening is volmaak. ☺

Ds. Nico Hefer is leraar van die AP kerke Amajuba, Piet Retief en Newcastle.

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 12-13; Exodus 18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13; 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6; Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Hábakuk 1-3; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikel 33-35

Lig in Duisternis Uitgewers
Ons besondere **BEDERF**
vir 'n ieder en 'n elk ...

Bybelsak

Kies jou ontwerp en kry jou alles-in-een-sak vir jou Bybel, jou notaboekie én jou pen.

www.liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Lig in Duisternis
UITGEWERS

DRÁ JOU GETUIENIS!

R80

ICHTHUS:
"Jesus Christus, God se Seun,
is die Verlosser."

R90

ICHTHUS

I – Ἰησοῦς Iesous Jesus
X – Χριστός Christos Christus
Θ – Θεοῦ Theou God
Υ – Ὑἱός Huios Seun
Σ – Σωτήρ Soter Verlosser



Bosoorlog: Genees tyd die wonde?

Prof. Koos Adendorff

Ter voorbereiding vir hierdie artikel het ek in my eie ervarings gaan delf. Ek het boeke gelees en YouTube-video's oor die Bosoorlog (ook Grensoorlog) gekyk. Dit het gevoelens wat diep begrawe was, weer sterk na vore gebring en wel tot so 'n mate dat ek wou kop uittrek om hierdie artikel te skryf.

Mettertyd het ek egter besef hoe belangrik dit tog is om openlik oor hierdie saak te praat. As ek so voel, en ek het as dienspligkapelaan nie eers soveel deurgemaak soos die gemiddelde troep nie, hoe moet daardie gemiddelde troep dan nie voel nie?

Daar is vir my twee aspekte aan die Bosoorlog wat (dikwels al vergete/onderdrukte) emosies losmaak.

1 Die gruwels van die oorlog
Die een aspek is die gruwels van die oorlog. Daaronder verstaan ek onder andere die volgende:

Die feit van diensplig

Jou lewe word as't ware vir 'n jaar of twee tot stilstand gebring om 'n oorlog te gaan veg wat jy nie eers mooi verstaan nie. Ja, die politici en militêre leiers vertel jou van 'n totale aanslag wat huis en haard bedreig. Jy hoor dat jy en jou makkers tussen 'n aaklige kommunistiese bestel en vryheid staan en dat jy jou deel moet doen om daardie vryheid te beskerm. Hoeveel verstaan jy as jongmens egter hiervan, veral omdat jy ook nie oor al die inligting beskik nie?

Die ontberinge van grensdiens

Maande in 'n tent (as jy gelukkig is), dae lank se patrollie stap in die verblindende wit en warm sand van Ovamboland met vlieë wat soos 'n swart kors op jou beswete rug saampak. Geen braaivleis vir jou nie, net die inhoud van 'n "rat pack" (rantsoenpak) om van te leef. Die verlange huis toe, die briewe wat met ou nuus by jou aankom, die frustrasie om nie te weet hoe dit met jou mense gaan nie. Die spanning om nie te weet wanneer die "terss" (terroriste) jou kamp gaan "rev" (skielik en onverwags aanval) nie.

Tot-die-dood-toe-gevegte

Die feit dat 'n seun matriek skryf en nie eers mooi ses maande later nie in gevegte om lewe en dood betrokke is. In die proses beleef en sien hy dinge wat sy lewe onomkeerbaar verander. Baie het vir die eerste keer in hul lewens 'n lyk gesien – soms onherkenbaar geskend. Dikwels was dit die lyke van die vyand, maar soms die lyk van 'n makker. Baie het ook agterna geworstel met die wete dat hulle die sneller gedruk het wat die mens (al is dit die vyand) se dood veroorsaak het.

Tuismense se onkunde

Die feit dat die mense by die huis nie verstaan het wat jy beleef het nie. Jy kon of wou ook nie alles vir hulle vertel nie.

2 Die oënskynlike tevergeefsheid van die oorlog

Die ander aspek is die oënskynlike tevergeefsheid van die oorlog. Jy worstel met die gevoel dat ons die oorlog op die slagveld gewen het, maar by die onderhandelingsstafel verloor het.

Wat was die sin van dit alles? Waarvoor die opofferings, die sweet en tranes, die sterftes, die wonde (liggaamlik en geestelik)? Hoeveel huwelike is nie deur die Bosoorlog vernietig nie? Hoeveel kinders nie vervreem nie? Vir wat? Net om in 'n Suid-Afrika te leef waar die witman nie 'n plek gegun word nie?

Om voortdurend in die beskuldigdebank geplaas te word met die klag van rassisme wat oor jou hang? Voeg daarby die nare gevoel wat by jou opkom dat die huidige geslag nie genoegsame waardering het of erkenning gee aan die feit dat jy eens op 'n tyd jou deel

gedoen het om vir die voortbestaan van land en volk te veg nie. Is dit wat oorgebly het van jou stryd – ’n vergete oorlogsveteraan?

Wanneer dit so in jou binneste woel, weet jy: Tyd genees nie wonde nie. Jy dink miskien dit doen. Met tyd vervaag herinneringe wel en voel jy dalk ’n meester in die onderdrukking daarvan, maar dan sien jy op ’n dag ’n foto op Facebook of ’n skermgreep op YouTube oor die Bosoorlog ... en dit vang jou totaal onkant. Meteens is die herinneringe glashelder en die gevoelens in volle krag terug. Jy besef: Tyd kan selfs wonde verdiep en bitterheid in jou binneste laat groei.

Gevangenes van die verlede?

Wat dan? Is ons gedoem om gevangenes van ons verlede te wees? Gelukkig nie. Nie wanneer ons ons toevlug neem tot Hom van wie Psalm 147:3 sê:

Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.

Hoewel tyd nie ’n selfstandige, helende krag is nie, skep dit die ruimte waarbinne ons met die Drie-enige oor ons swaar- en seerkry kan gesels. Hy is immers die “HERE wat jou gesond maak” (Ex. 15:26). Ons troos lê dus

nie in tyd nie, maar in God se teenwoordigheid binne die tyd.

Wanneer ons met God in gesprek tree, herinner Hy ons dat Hy in beheer is van die geskiedenis. Niks gebeur buite sy wil om nie. Ons bely mos in die Heidelbergse Kategismus oor die voorsienigheid van God dat “alle skepsele so in sy hand is dat hulle, teen sy wil, hulle nie kan roer of beweeg nie” (So. 10 v/a 28). Ons verstaan miskien nie altyd sy werking in ons lewens en in die groter wêreld nie, maar ons vind ons troos in Romeine 8:28:

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Die Bosoorlog en die staatkundige ontwikkeling daarna is deel van sy groot plan vir ons. Ons moet Hom vertrou en saam met Job bely: *Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie* (Job 42:2).

“... en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom”

Wanneer ons so met ons gevoelens na God kom, vind ons ons diepste troos in Hom van Wie in Jesaja 53:5 geskryf staan: *... en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom*. Ek kan my woede, bitterheid, skuldgevoelens,

depressie of watter ander emosie ook al nie alleen dra nie. Christus het ook dít vir my gedra. So het Hy Psalm 34:19 vir my waar gemaak: *Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees*. Ek kan my gevoelens aan die voet van die kruis neerlê en die swaare las daar los. Het Christus ons dan nie uitgenooi nie?

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee (Mt. 11:28).


Samevattend moet ons dus sê: Tyd genees nie wonde nie. Die gedagte kom uit ’n sekulêre, naturalistiese verstaan van die mens waar psigiese herstel ’n outomatiese proses is, bewerk deur die mens se innerlike krag en vermoëns. Die Bybel openbaar die mens egter as sondig en gebroke – diep afhanklik van God se genade. Verlossing en herstel kom nie van binne af nie, maar van buite – van Hom wat Homself geopenbaar het as die barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou (Ex. 34:6). Waar die mens oor tyd heen met God worstel, lei Hy deur sy Gees en Woord, op grond van Christus se versoeningswerk, tot vermindering van die pyn en verdieping van die geloof. ☺

Prof. Koos Adendorff is emeritusprofessor in Ou Testament en leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.

KRY VANDAG
nog jou kopie!

R430

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Steinaecker's Horse: 'n Histories- Argeologiese rekonstruksie

'n Moet-lees-navorsingsboek vir elke geskiedenis- en kultuurliefhebber wat die verlede wil herleef op die spore wat soldate agtergelaat het.



“Ek is te besig”

Ds. Herman Erasmus

Het u al opgelet dat die antwoord op: “Hoe gaan dit?” in vandag se tyd van ’n beleefde: “Dit gaan goed, dankie, en met jou?” na: “Ek is so besig, en jy?” verander het. Wanneer iemand ons vra hoe dit gaan, sluit ons antwoord byna altyd die woord “besig” in.

Daar is geen twyfel nie – ons almal is besig. Van die oomblik dat ons in die oggend opstaan totdat ons in die aand ná ’n besige dag uitgeput op die bed neerval, is daar ’n konstante stroom van aktiwiteite en verpligtinge wat ons aandag vra. Ons almal worstel met druk by die werk, gesinsverpligtinge, sosiale geleenthede, oefening, rekeninge, ensovoorts.

Hierdie voortdurende druk om alles te probeer hanteer kan maklik tot uitbranding lei – ’n toestand van fisiese, emosionele en geestelike uitputting.

Ons gaan in hierdie artikel na drie sake kyk:

1. Redes waarom ons so besig is.
2. Die gevare van besig wees.
3. Noodsaaklikheid van ’n ritme van rus.

Redes waarom ons so besig is

Hoe het dit gebeur dat ons so besig is? Daar is sekerlik verskeie

redes vir ons besig wees, maar ons kyk net na enkele voorbeelde.

In die eerste plek het ons verpligtinge en die druk om al hoe meer produktief te wees, geëskaleer. Deur die jare het die samelewing ’n kultuur van voortdurende besig wees bevorder.

Mense van vandag voel gedwing om te presteer en om amper voltyds aan die beweeg te wees. Dit is hoe die wêreld vandag funksioneer: Verhoogde produksie!

Boere verstaan dit baie goed, want ons is lankal verby die tyd van die bestaansboer. Vandag gaan dit oor hoe vinnig en effektief ek by meer en beter kan uitkom. Die druk om produktief te wees, kan ons in ’n toestand van konstante besig wees hou.

Tweedens het die koms van tegnologie soos slimfone en sosiale media ons lewens baie makliker gemaak, maar dit het ook tot ons besig wees bygedra. Die behoefte om voortdurend op hoogte te bly, kan ons van kosbare tyd beroof en ons aandag van belangriker sake aflei. Dit maak ook dat ons altyd beskikbaar is, wat baie min tyd vir rus laat.

Derdens het die tempo en druk in ons gesinslewe ook toegeneem. ’n

Ma het onlangs in trane vertel hoe moeg sy van al die gejaag is. Sy hardloop haar poegaai tussen punt A en punt B en probeer haar bes om al die balle in die lug te hou.

Kinders wat in die week en selfs oor naweke by verskeie aktiwiteite betrokke is, ouers wat voltyds werk en wat saam met die werk nog poog om al die gesinslede se skedules te laat klop, plus die verwagting om altyd teenwoordig te wees, is moeilik om te balanseer.

Ons lewens is so besig met al die dinge wat ons aandag verg dat ons nie eers stop en dink wat hierdie besig wees aan ons doen en watter gevare dit vir ons inhou nie.

Die gevare van besig wees

Kevin De Young¹ waarsku gelowiges in sy boek *Net 24 uur! Plaas Jesus eerste te midde van ’n besige lewe* teen drie gevare van besig wees wat ons geestelike en emosionele lewe ernstig kan beïnvloed.

Die **eerste** gevaar is dat dit ons vreugde kan ruïneer.

DeYoung waarsku dat ’n voortdurende besig wees ons vreugde steel, terwyl vreugde eintlik ons lewens as Christene behoort te kenmerk (vgl. Fil. 4:4). As ons altyd besig is, is ons geneig om gespanne, gejaagd

en geïrriteerd te wees wat ons interaksie na binne en buite beïnvloed. 'n Mens se fokus verskuif gou van dankbaarheid en vreugde na die onophoudelike soeke na produktiwiteit. Hierdie voortdurende besig wees verwyder die ruimte vir stilte, rus en refleksie wat noodsaaklik is vir ware vreugde.

Die **tweede** gevaar is dat dit ons hart kan beroof.

Besig wees kan ons hart en siel leegmaak. Wanneer ons besig is, raak ons so gefokus op take, skedules en verpligtinge dat ons minder tyd het vir dinge wat werklik saak maak, veral ons verhouding met God. Die gelykenis van die saad in Markus 4:1-20 is 'n goeie illustrasie van hoe die bekommernisse van hierdie lewe en begeerte na ander dinge ons geestelike groei kan belemmer. Die saad van God se Woord sal nie vrug dra as ons dit nie snoei deur te rus en stil te word nie.

Die **derde** gevaar is dat dit die verrotting in jou siel kan bedek.

Die besig wees van hierdie lewe kan jou liggaamlik en geestelik siek maak. As ons altyd besig is, het ons geen tyd om na te dink oor wat regtig hier diep binne ons skuil nie: vrese, onsekerhede, onvervulde behoeftes. Besig wees kan 'n masker word wat pynlike realiteite toesmeer. Sodoende pak ons nooit dieper kwessies aan wat tot ware rus en herstel kan lei nie.

Besig wees beteken nie jy is 'n getroue of vrugbare Christen nie. Dit beteken net jy is besig, net soos almal besig is. En net soos al

die ander mense is jou vreugde, hart en siel in gevaar.

Noodsaaklikheid van 'n ritme van rus

DeYoung² beklemtoon die Bybelse en praktiese noodsaaklikheid van 'n gesonde ritme van rus as deel van 'n Christen se daaglikse lewe. Hy wys daarop dat God die mens nie geskep het om onophoudelik te werk nie, maar om werk en rus te balanseer.

Rus is nie 'n teken van luiheid of swak dissipline nie, maar 'n erkenning van ons menslike beperkings en ons afhanklikheid van God.

Rus is ook nie 'n luukse of beloning vir harde werk nie, maar 'n Godgegewe ritme wat gegrond is in die skeppingsorde en in God se bedoeling met die mens.

God het self 'n patroon van werk en rus tydens die skepping gevestig. Hy het ses dae gewerk en op die sewende dag gerus nie omdat Hy moeg was nie, maar om 'n voorbeeld te stel. Hierdie patroon leer ook vir ons dat rus 'n daad van vertroue is. Wanneer ons rus, erken ons dat die wêreld nie van ons afhanklik is nie. Ons hoef nie alles te beheer of voortdurend produktief te wees nie. Daarom kom daar 'n ernstige waarskuwing aan die mens met sy obsessie om besig te wees. Baie mense meet hul waarde aan hul produktiwiteit, prestasies en vol skedules. Hierdie ingesteldheid lei tot uitbranding, spanning en geestelike droogte.

Sonder doelbewuste rus raak mense nie net fisies uitgeput nie, maar hulle verloor ook perspektief op wat werklik belangrik is (vgl.

Mt. 6:33). Rus help ons om ons fokus weer terug te bring na God, ons verhoudings en ons roeping.

Die ritme van werk en rus verg behoorlike beplanning. Daarom moet gelowiges moeite doen om 'n ritme van rus in ons daaglikse, weeklikse en jaarlikse roetine in te bou hetsy deur 'n dag, 'n paar uur, of doelbewuste oomblikke van stil word voor God. Hierdie ritme help om balans te bring en herinner ons daaraan dat ons identiteit in Christus lê en nie in ons prestasie nie.

Hierdie rus bied 'n voorsmakie van die ewige rus wat aan kinders van God beloof word. Wanneer ons rus, leef ons met die hoop van die toekoms voor oë en erken ons dat God se werk – nie ons s'n nie – die finale sê het.

Slot

Om die hele tyd besig te wees, maak uitbranding 'n wesenlike gevaar vir enigeen wat nie 'n gesonde ritme van rus handhaaf nie. Deur onself aan God te verbind en die Bybelse beginsels van rus toe te pas, word uitbranding voorkom en kom daar herstel in ons lewens en kry ons weer die moed en energie om ons geestelike en fisiese take te kan uitvoer.

In 'n wêreld wat nooit slaap nie, laat ons nie vergeet om die geskenk van rus te waardeer en aan te gryp nie. Herinner jouself vandag daaraan dat daar niks mee fout is om 'n ritme van rus aan te kweek nie. Om te gaan rus, is 'n manier om te sê: "Here, ek vertrou op U." ©

Ds. Herman Erasmus is leraar van die AP Kerk Frankfort.

1. K. DeYoung, *Net 24 uur! Plaas Jesus eerste te midde van 'n besige lewe*, vert., (Christelike Uitgewersmaatskappy, 2015), 22-27.
2. DeYoung, 78-85.



TYD: EWIGHEID TEENoor DIE OOMBLIK

'n Teologiese en praktiese besinning oor die waarde van tyd en ons roeping daarin

Dr. Cois Meiring

Tyd: 'n Kosbare geskenk

Tyd is die enigste hulpbron wat God vir elke mens in gelyke hoeveelhede gee: dieselfde 24 uur per dag, dieselfde geleentheid om te kies, te groei, te bou, lief te hê en te gehoorsaam. Tog is tyd ook die enigste niehernubare hulpbron — sodra 'n oomblik verby is, is dit vir altyd weg. Ons kan goud vervang, geld verdien, grond koop, selfs genesing kry, maar tyd kan nooit herwin word nie.

Daarom skryf die psalmdigter in Psalm 90:12: *Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!*

Hierdie gebed van Moses is ook 'n nederige pleitrede vir elke Christen: Here, help my om te besef hoe kort die lewe is sodat ek elke dag doelgerig en in gehoorsaamheid aan U sal leef.

Ons leef tussen twee realiteite: in die oomblik, in ewigheid. Die verstaan van hierdie realiteite vorm 'n mens se uitkyk op die lewe – dit bepaal die koers daarvan.

Tydsperspektiewe: Hoe mense die lewe sien

Sielkundiges beskryf drie dominante tydsperspektiewe: (1) verlede, (2) hede en (3) toekoms. Elkeen beïnvloed die manier waarop 'n mens leef, besluit en groei. Die Bybel leer oor elk van hierdie drie en wys hoe verkeerde perspektiewe 'n mens se roeping en geestelike gesondheid kan rem.

1 Verledegeoriënteerde tydsperspektief

Met hierdie perspektief is mense geneig om op “die goeie ou dae” te fokus – op nostalgie en vaste patrone. Die verlede word 'n “ruimte” van sekuriteit, maar ook van gevangenskap. So iemand sukkel om nuwe geleentheid te omhels, want verandering voel bedreigend.

God roep sy volk voortdurend vorentoe, nie terug nie. Hy sê in Jesaja 43:18-19: Dink nie aan die vorige dinge nie ... Kyk, Ek gaan iets nuuts maak ...

Selfs Abraham moes sy huis, tradisies en vaderland verlaat om God se belofte as erfenis te ontvang (vgl. Hebr. 11:8). 'n Christen leef nie in die verlede nie, maar leer uit die verlede en hoop daarmee op God se beloftes vir die toekoms. Psalm 103:2 sê: *Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!*

2 Hedegeoriënteerde tydsperspektief

Dit is 'n lewe van “ek leef vir nou”, onmiddellike bevrediging, min beplanning en 'n vermyding van verantwoordelikheid. Politieke onstabiliteit, armoede en selfs kultuur kan mense maklik hierheen dryf. Slimfone gee, veral met sosiale media, onmiddellike beloning (goedkoop dopamien).

Met hierdie tydsperspektief bestaan daar ook 'n wêreldse invloed (woke-suggesie) dat die oomblik geniet moet word.

Die Bybel waarsku egter dat so 'n lewe die hart afstomp. Sulke mense se roeping in God se koninkryk word deur die sekulêre wêreld beïnvloed en verander in die weg van 'n dwaas. Efésiërs 5:15-16 leer: *Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit ...*

Christus het die versoeking van onmiddellike bevrediging weerstaan (vgl. Mt. 4), sy volgelinge geleer om die kruis op te neem en die Bose te weerstaan. Daarom dat Petrus skryf: *Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind* (1 Petr. 5:8).

3 Toekomsgeoriënteerde tydsperspektief

'n Toekomsgerigte ingesteldheid is van groot belang vir geestelike groei. Dit veronderstel 'n strewe om meer en meer soos Jesus te wees, en:

- fokus nie op onmiddellike genot nie;
- bid dat God die vrug van sy Gees (soos selfbeheersing) in 'n mens sal ontwikkel;
- leef doelgerig volgens die Skrif;
- glo dat die keuses van vandag 'n invloed op die toekoms het,

- vestig die oog op Jesus en hardloop die wedloop met volharding (vgl. Hebr. 12:1-2).

Paulus som hierdie beginsel in sy brief aan die Filippense goed op:

Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (3:14).

God die Vader vorm sy kinders na die gelykenis van sy Seun tot sagmoedigheid en nederigheid sodat elkeen rus vir die siel vind (vgl. Mt. 11).

Ewigheidsperspektief

Die Bybel roep ons nie net tot toekomsgerigtheid nie, maar tot ewigheidgerigtheid – ’n lewe waar elke oomblik in die lig van God se koninkryk geleef word.

Vir elke Christen bevat die ewigheidsperspektief drie waarhede:

- 1 ’n Onbekende toekoms. Daarom moet elke Christen met ’n vaste vertroue op God leef. Sê altyd: *As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen* (Jak. 4:15), want die lewe is tog maar ’n damp wat vir ’n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn (v. 14).
- 2 Lewe ná die dood is ewig. Die enigste troos in lewe en in sterwe is dat ék aan Jesus Christus behoort. Sy Heilige Gees verseker my van die ewige lewe (HK v/a 1). 2 Korintheërs 4:18 sê: ... *want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.*
- 3 Ons gebruik van tyd sal geoordeel word. Elke Christen moet sy tyd koninkryksgerig

inruim. Hierdie beginsel kry ons in 2 Korintheërs 5:10: *Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*

’n Christen leef dus:

- nie vas in die verlede nie;
- nie geheg aan die hede nie;
- nie blind vir die toekoms nie;
- maar gewortel in die ewigheid.

Ewigheid beteken nie dat ’n mens die hier en nou ignoreer nie. Dit beteken: In Jesus Christus gee ons aan elke oomblik ewige waarde (vgl. Rom. 8:1).

Die Bybel en tyd: Génesis tot Openbaring

In die begin het God ... (Gén. 1:1). God is die Skepper van tyd: Hy skep nie net hemel en aarde nie, maar ook lig. Hy maak dae en seisoene in ’n vasgestelde ritme. Hy skep dus ter wille van orde. In hierdie skeppingsorde maak Hy ’n skeiding tussen lig en duisternis. Die beginsel is nie net fisies waarneembaar nie, maar het ook ’n dieper geestelike betekenis omdat tyd onlosmaaklik aan die skeiding tussen lig en duisternis verbind kan word. Die skrywer van die Johannes-evangelie interpreteer dit as: *En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie* (Joh. 1:5).

Die mens se ongehoorsaamheid in die tuin van Eden het ongelukkig ’n verskuiwing in tydsperspektief meegebring. Die vrou word versoek met onmiddellike beloning om soos God te wees (vgl. Gén. 3:5) en bring die hedegeoriënteerde perspektief die wêreld in.

Christus het egter met deernis die mens se verhouding met tyd kom herstel. As mens leef Hy volmaak gedissiplineerd, gehoorsaam, doelgerig en ewigheidsbewus.

Tyd het dus ’n geestelike en morele betekenis.

Die boek Openbaring gee vir elke Christen die toekomshoop dat tyd met Jesus se wederkoms voltooi sal word. Openbaring 10:6: ... *dat daar geen tyd meer sal wees nie.*

Riglyne vir ’n ewigheidsgerigte lewe

- Beskou elke dag as ’n gawe van God: *Dit is die dag wat die HERE gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees* (Ps. 118:24).
- Stel God se wil bo wêreldse genot: *Wie dan ’n vriend van die wêreld wil wees, word ’n vyand van God* (Jak. 4:4).
- Maak erns met dit wat ewigheidswaarde het: *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid ...* (Mt. 6:33).
- Leef gedissiplineerd en soek na wysheid: *Die vrees van [ontslag vir] die HERE is die beginsel van die wysheid ...* (Ps. 111:10).
- Leef die evangelie uit: ... *maar wees ’n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid* (1 Tim. 4:12).

Samevatting

’n Christen se tydsperspektief is nie gesetel in die verlede nie, word nie verswelg deur die hede nie en is nie bang vir die toekoms nie. ’n Christen leef geanker in die ewigheid, gehoorsaam in die hede en vol hoop op die toekoms. ☺

Dr. Cois Meiring is leraar van die AP Kerk Lichtenburg. Hierdie artikel is gebaseer op die werk van Yavor Rusinov, *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak*, (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2024), 213-233.



Koop die tyd uit

Hannes Noëth

Daar is baie dinge wat 'n mens in hierdie lewe kan verander, maar een ding waaraan niemand kan verander nie, is die tyd wat aan ons gegee word. Daarom is dit so belangrik om die tyd wat aan ons gegee is, uit te koop. Ons kan nie 'n enkele sekonde by ons tyd voeg nie. Niks. Daarom moet ons leer om ons tyd goed te gebruik.

Gebind aan tyd

Ons is almal aan tyd gebind. Tyd raak ons. En die slim man, die prediker, skryf vir ons onder die leiding van die Heilige Gees: *Alles het sy bepaalde uur ...* (Pred. 3:1). Hy gaan haal hier iets uit die alledaagse lewe wat nie by een van ons verbygaan nie.

Tyd raak ons

Tyd raak ons wanneer ons onself sien ouer word; wanneer ons ons kinders sien grootword; wanneer ons die jare die een ná die ander sien verbygaan; wanneer ons siekte en dood rondom ons sien.

Die boek Prediker en tyd

Die prediker is lief om te skryf oor dinge wat 'n mens elke dag beleef en ervaar. Hy is lief om te skryf dat alles tot niks kom. Hy beantwoord graag lewensvrae en hy beklemtoon baie graag dat sonder God alles tevergeefs is. Alles, skryf die prediker, is onverstaanbaar. Selfs God se werk is onbegryplik. En daarom sluit hy sy boek af met dié woorde: *Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooi ...* (Pred. 12:13). Dit moet ons ook in verband bring met wat hy ons oor tyd leer.

God het tyd gemaak

Die eerste saak wat die skrywer hier beklemtoon, is dat God tyd gemaak het. Ons lees dit in Prediker 3:11a:

God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd (1983-vertaling).

Hierdie woorde is belangrik. God het elke ding gemaak “in 'n bepaalde tyd”: God het dit gemaak. Elke ding op aarde het sy vaste tyd. God is dus groter as tyd. Niemand kan tyd ontglip nie, maar God is bo tyd. Hoekom? Want Hy het tyd geskep. Tyd beperk Hom nie. Sy ewigheid is ver verhewe bo die tyd waarin ons leef.

Ons as mens is dus bepaald – ons is gebind, binne-in God se tyd. God daarteenoor is onbepaald, vas en onveranderlik. As jy weet dat God tyd geskep het, begin 'n mens besef hoe wys ons met die tyd in God se skepping moet omgaan. Tyd is ook 'n gawe waarmee ons

net so verantwoordelik soos met ons ander gawes moet omgaan. Die rede? Want alle tyd behoort aan God.

Wat God doen, is blywend

God is groter as tyd. Hy kan dit gebruik soos Hy wil. Die Skrif leer so mooi: *Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan ...* (Pred. 3:14). Dit is geweldige woorde: Wat God doen, is blywend.

God is nie in ons lewens besig met vlietende dinge wat kom en sommer weer gaan nie. Hy is met blywende dinge besig. Wanneer ons dit besef, moet ons saam met die prediker erken dat God ook aan ons 'n besef van die blywende aard van tyd gegee het. Die uitwerking van die geboorte van Christus is blywend oor hierdie wêreld – dit is nie gebind aan tyd nie:

- Die verlossing van Jesus Christus is tydloos.
- Die inwoning van die Heilige Gees in ons harte is tydloos.
- God se bewaring van sy kerk is tydloos.
- God se herderskap is tydloos.
- God se verbondstrou is tydloos.

God het tyd geskep en wat Hy doen, is blywend. Juis daarom moet ons nie ligtelik dink oor wat ons met ons tyd doen nie. Ons kan die ouderdom nie keer nie; ons kan siekte of die dood van geliefdes nie keer nie. Ons weet wel: Wat God doen, is blywend en jy kan daar niks byvoeg en daar niks van wegneem nie (vgl. Pred. 3:14).

Dit bring ons by ons roeping binne die tyd wat aan ons gegee is.

Vrees Hom

Prediker 3:14 herinner ons dat God se werke ewig is en dat Hy dit so gemaak het dat *hulle moet vrees voor sy aangesig*. God is groter as tyd. Wat Hy doen, is blywend. Wie sou Hom dan nie vrees nie?

En tog is daar dikwels kere wat ons dit nie doen nie:

- Ons gebruik nie ons tyd na die beste van ons vermoë nie. Met ander woorde, ons koop nie die tyd uit wat God vir ons gee nie (vgl. Efés. 5:16).
- Ons is fatalisties oor ons tyd: Laat die dinge maar kom en gaan – ek kan in elk geval niks daaraan doen nie. Wanneer ’n mens só dink, vergeet jy dat God groter as tyd is.
- Ons verwyl ons tyd met oppervlakkige wêreld-beskouings waardeur ons Christus “miskyk”: *Laat ons eet en drink, want môre sterf ons* (Jes. 22:13; vgl. 1 Kor. 15:32).

Sodoende vrees ’n mens nie vir God nie en só gaan jy nie om met die bepaalde tyd waarin jy leef, binne God se onbepaalde tyd nie.

Hoe dan? ’n Gelowige vrees God soos iemand wat van tyd bevry is. Ons is nie meer slawe van tyd nie. Ons is gebind aan tyd en tog ook nie. Ons beweeg binne die tyd, maar ons word nie daardeur beheer nie.

My tie in u hand

Psalm 31:16 verwoord dit mooi: *My tie is in u hand ...* Laat die Heilige Gees ons lei om dit uit te leef:

In my oudwordjare:
My tie is in u hand.

In my siekte:
My tie is in u hand.

In my besigheid:
My tie is in u hand.

In die toekoms wat ek nie kan sien nie:
My tie is in u hand.

Waar ek by die graf van ’n geliefde staan:
My tie is in u hand.

Alles is tevergeefs, sê die prediker, tevergeefs as dit nie tot eer van God gedoen word nie. Laat ons dan elke dag met ons bepaalde tyd, binne God se onbepaalde tyd leef. Anders is alles vir ons tevergeefs. Ons tie is in God se hand. Daarom moet ons ons tyd goed gebruik. Ons sing mos in Psalm 100:4:

“Want goedertieren is die HEER; sy goedheid eindig nimmermeer; sy trou en waarheid hou hul krag tot in die laaste nageslag.” ☺

Hannes Noëth is Uitvoerende Hoof van Solidariteit Helpende Hand.



PRYS: R55



PRYS: R100



PRYS: R130

www.liginduisternis.co.za



AP KERK JEFFREYSBAAI

Belydenisaflegging

Die AP Kerk Jeffreysbaai was bevoorreg om verskeie belydenis- en doopgeleenthede te kon vier en sodoende die jaar 2025 op 'n besonder mooi noot af te sluit.

Op 30 November het die finalejaar-katkisant, Edge Engelbrecht, belydenis van geloof afgelê. Die diens is gelei ds. Ben Wiese deur.

Op 14 Desember was daar weer 'n vreugdevolle geleentheid waartydens belydenis van geloof afgelê en die doop bedien is.

Op 21 Desember is klein Heike Minnaar ten doop gebring. Op die foto verskyn ds. Danilo Stoltz saam met Johnny en Claudia Minnaar en hul dogtertjie, Heike.

Mag die Here elkeen orals en altyd lei en versterk.

Bellari Nagel



Michael van Jaarsveld, Zelandine Joubert, Amorette van Jaarsveld, ds. Ben Wiese, Pieter Myburgh, Guerrin Altichiero, Morné van Jaarsveld, Cian Cronje, Kyle Hiscock, Hardus Myburgh en Liam Cronje



Edge Engelbrecht en ds. Ben



Doop van Heike

WELKOM IN DIE KAAP!
Soek jy 'n tuiste weg van die huis af?



Sluit aan by AP Kerk Tygerberg

- ✓ Gesien en ondersteun
- ✓ Vriende wat saam geloof uitleef
- ✓ Lekker kuier, saam dien en groei
- ✓ Jou tuiste in die Kaap!



Hoek van Dingle str & Van Reenen str,
Richmond, Kaapstad, 7460

Ds. Jan Fourie - 072 507 1636
Eduard van Rooyen - 084 787 4188

Ons sien uit om jou te ontmoet!

Staatmakerresepteboek

Dek die tafel

DEK DIE Tafel

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Nou beskikbaar
teen slegs
R250

AP KERK UTRECHT

Tornado

Op 26 Desember 2025 het 'n tornado Utrecht getref. Ons loof die Here dat daar slegs 'n gebreekte boom by die kerk was. Talle mense se eiendom het stukkende vensters gehad en dakke wat afgewaai is.

Dit was 'n groot voorreg om die Van der Berg-gesin van Kleinfontein op Sondag 28 Desember 2025 by ons te kon verwelkom.

Marié Marais



Gebreekte boom

AP KERK WONDERBOOM

Ons neem afskeid ...

Ons neem afskeid van tannie Ella Potgieter, die oudste lid van ons groepie wat in die ouderdom van 105 jaar en 5 maande oorlede is. Sy was ook die AP Kerk Wonderboom se oudste lidmaat.

Tannie Ella was vol waardering vir ons besoekies aan haar en het ons altyd baie welkom laat voel. Sy kon soms lekker aan die geselskap deelneem. Sy het 'n vol lewe gehad en haar spore diep getrap in die geskiedenis van ons kerk en van Akasia Laerskool, waar sy vir etlike jare gewerk het.

Haar dogter Welma het haar met liefde versorg en ons bedank haar met vrymoedigheid dat sy tannie Ella so mooi versorg het.

Ons dank ons hemelse Vader dat hy haar so lank vir ons gespaar het. Die laaste paar weke was moeilik, want die liggaam wou nie meer mooi saamwerk nie. Nietemin groet ons u, liefste tannie Ella Potgieter.

Engela de Jonge



Tannie Ella Potgieter

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

Ruim, luukse oornagwoonstel, asook kothuis en kamers, met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid. Veilige parking. Skoon en netjies met TV. Stil en rustige atmosfeer.

Tel: 051 522 6035 / Sel: 082 726 9959



AP KERK FONTEINE (SPRINGS)

Besoek aan Loerie Jeugsentrum

'n Groepie lidmate van die gemeente het weer op 20 September 2025 besoek aan die Loerie Jeugsentrum afgelê. Ná 'n kort inligtingsessie oor die sentrum en sy toekomsplanne, het die kinders 'n paar liedere gesing waarna ds. Louis Kirstein 'n inspirerende boodskap uit Psalm 139:14 gebring het.

Ná die opening het 'n paar buiteaktiewiteite plaasgevind: Gesiggies is geverf; hare is gekleur; kolwyntjies is versier met gesonde kompetisie rondom die oorspronklikste versiering. Die kinders het heerlik gespeel en baljaar, terwyl diakens hoenderburgers en sentrumwerkers skyfies vir middagete voorberei het. Namens die gemeente is daar aan elke lid van die Loerie Jeugsentrum 'n bederfpakkie oorhandig.

Die middag is afgesluit met 'n lugvertoning wat deur diak. Hendré Grobler gereël is. Die voorbereiding en die besoek aan die Loerie Jeugsentrum bring elke jaar 'n ongekende opgewondenheid onder lidmate.

Belydenis van geloof

Op 9 November 2025 het ons as gemeente die voorreg gehad om getuie te wees van vier jongmense wat hul geloof in die openbaar bely het. Ons dank die Here dat ons hierdie vier jong gelowiges, wie se lewens in 'n sterk geloofsgrondslag geanker is, die wêreld kan instuur. Dit was 'n aangrypende geleentheid en daar was baie betraande oë.

Ons is dankbaar dat die Here oudl. Hennie de Beer gelei het om twee jaar die geloofsreis van onderrig in liefde, geduld en toewyding met hulle te stap. Die liefdevolle werk was en is van onskatbare waarde vir hierdie groep se geestelike vorming.

Ds. Louis Kirstein se gepaste boodskap was uit Rut 1:1-22 met die tema: "Begenadig voor God." Dit is 'n boodskap wat die jongmense saam met hulle kan neem tot versterking in hierdie wêreld met sy aanslae. Ons gebed is dat die Here sy beskermde hand oor hulle in hul geloofsewige sal hou.

Marié Kirstein



V.l.n.r.: Ds. Louis Kirstein, Cheri Gerber, Henno de Beer, Ciska Hefer, Luhandré Grobler en oudl. Hennie de Beer

AP KERK DELMAS

Geloftefeesdiens

Op 16 Desember 2025 het die AP Kerk Delmas 'n geloftediens aangebied. Rondom 08:30 is die kinders ingespan om die vlase te hys. Sr. Ester het "Die Stem" gespeel en ons het uit ons hart en uit volle bors saamgesing. Daarna het ons almal in die kerk inbeweeg waar ds. Pieter van Deventer die geloftediens waargeneem het.

Ná die diens is die gelofte gelees waarna vers 1 en 4 van "Die Stem" en "Die Lied van jong Suid-Afrika" gesing is. Ons glo en vertrou dat almal met die boodskap huis toe is: Ons Vader het vir ons gelewe en gesterwe en Hy dra en beskerm ons nou elke dag.

Die dag is afgesluit met 'n lekker koppie koffie en tee en 'n kuier-en-gesels-bymekaarkoms in die kerksaal.

Fransesca Pretorius



AP KERK RUSTENBURG

Nuus uit Rustenburg

Op 18 Januarie is Gert Fourie as ouderling en Ockert Janse van Vuuren as diaken bevestig.

Foto 1: V.l.n.r.: Gert Fourie, ds. Nico Grobler, Ockert Janse van Vuuren.

Foto 2: Die kerkraad v.l.n.r.: Berné Jonas, Johan Vos, Wynand Cornelius, Gert Fourie, ds. Nico Grobler, André Smit, Chris Bolton, Brian Becker, Francois Vos, Ockert Janse van Vuuren, Johann Grundling.

Die broers word die seën van die Here toegebid.

Micky Badenhorst



Foto 1



Foto 2

AP KERK BRAKRIVIER

Brakrivier hou bobaasbasaar

Ons het sommer geweet dat 13 Desember 2025 se basaar “anders” gaan wees. Ons het ’n paar nuwe lidmate bygekry en dit was uit die staanspoor duidelik dat hierdie nuwelinge hul suurstof elders vandaan gekry het. Vat nou maar die poedingtafel: Wanneer het ons op die deksels van die poedings die fraaiste fyngehekelde patroontjies van onder andere skulpe en skilpadjies bygekry? Nog nooit nie!



Vroeg-vroeg in die jaar het die susters begin koekies bak en verkoop. Voordat die basaar begin het, het ons reeds verskillende koekies verkoop wat ons ’n voorsprong van meer as R30 000 besorg het. Die wit olifante is noukeurig uitgesoek en baie daarvan per sosiale media van die hand gesit. Dit was ’n yslieke sukses, want dis landwyd. Enige sustersaksie kan hierdie “resepte” probeer.

Op basaar dag self het die braaivleisvure se rookpatroontjies al vroeg in die lug gekrul. Netnou volg die Afrikaner-braaivleisreuk! Die tafels het hul partytjierokkies oorgegooi en die jaarlikse ouderwetse boere-orkes het die vrolikste deuntjies opgetower wat hande én voete laat jeuk het. Elke tafel was ’n kuiergeleentheid: Leonie en Ockie se beroemde knypbroodjies wat so boepens staan, is al baie jare lank ’n unieke pasella van dié gesin af. Die hooggestapelde superhamburgers is deesdae wyd bekend; kerrie en rys is altyd geurig; die vrolike pannekoekspan neem hul eie foto's; die tuisnywerheid draf om dors te les en honger te stil en natuurlik verkoop ons alles wat die vuurstokers te voorskyn bring.

Die gees was aansteeklik. Die klante het nie opgehou om in te kom nie. Dit was voorwaar ’n bobaasbasaar! Ongelukkig is een van ons flukse koekbakouderlinge, Ben Dickson, op 4 Januarie 2026 oorlede. Sy bydrae tot hierdie basaar was van onskatbare waarde.

Janine du Plessis







Kry jou daaglikse dosis inspirasie met ons nuwe bekers

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Plaas vandag nog 'n bestelling






R185

Kry nou betroubare, historiese en Skrifgetroue verklarings in Afrikaans

Die Nuwe Testament met die kanttekeninge: 1933/53-vertaling

Lig in Duisternis
UITGEWERS



AP KERK HOOPSTAD

Kerssangdiens

Op Sondag 7 Desember 2025 is Hoopstad se gemeente bederf met 'n voortreflike Kerssangdiens wat harte warm laat klop het. Plaaslike talent het die gehoor verras met mooi sang, instrumentale musiek en betekenisvolle voorlesings wat die ware boodskap van Kersfees uitgelig het.

Die kerkgebou was gevul met feesvreugde, liggies, blomme en 'n gevoel van samesyn. Die tema van die Kerssangdiens was: "Van Tuin tot Paradys". Dit het nie net die Kersboodskap uitgelig nie, maar die goue draad van die evangelie was duidelik sigbaar.

Ná die diens het almal saam gekuier en 'n heerlike, vars vrugteslaai en roomys geniet wat met sorg en liefde voorberei is.

Dit was 'n besondere aand van geloof, gemeenskap en dankbaarheid wat lank onthou sal word.

Marica du Preez



TUINWOONSTEL TE HUUR (PRETORIA, LYNNWOOD)

Ruim, groot woonstel beskikbaar om te huur vir 'n enkel, jong, studerende of werkende Christelike persoon sonder afhanklikes. Dit is geleë in Pretoria, in Lynnwood se stil, veilige Strubenkop-sekuriteitspark.

Die woonstel is gemeubileerd. 'n Ruim slaapkamer/studeerkamer met ingeboude kas en lessenaar, ook 'n sitkamer, badkamer met stort, wasbak en toilet, private stoep in tuin met tuinmeubels waar gebraai en gekuier kan word.

Wasmasjien en tennisbaan kan gebruik word. Internet is gratis, met vinnige spoed en onbeperkte hoeveelheid data. Veilige onderdakparkering. Gratis water en elektrisiteit.

Slegs nieroker. Nie troeteldiere nie.

Die woonstel is beskikbaar vanaf
1 Januarie 2026, prys is R4 300 p.m.

**Kontak dr. Adie Viljoen enige tyd op 082 900 5566 of
adieviljoen@surgeon.co.za indien jy belangstel.**

Selfoonkontak verkieslik, ek is ook op WhatsApp.



GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis,
1½ badkamer, sitkamer en eetkamer.
Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby
Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709

E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

ST LUCIA - Vakansiewoonstelle te huur

Villa Mia 22 – 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon (slaap 4). **Villa Mia 15** – 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort), stoep (slaap 6). Veilige parkering (afdak) in die kompleks, swembad, braaigeriewe, gratis WiFi en daaglikse skoonmaakdienste.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf
die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6),
volledig toegerus met DStv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE
BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER
HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE
SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.**


Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: DESEMBER 2025/JANUARIE 2026 (BL. 11)



AP KERK GROOTFONTEIN (TVL.)

Mannefunksie

Die susters van die AP Kerk Grootfontein (Tvl.) het hul jaarlikse mannefunksie op 26 Julie 2025 gehou. Die tradisionele ontbyt is verruil vir 'n lekker kuiermiddag komplete met skaap op die spit en heerlike vars brode met tuisgemaakte konfyte. Die tema was "Kos vir die siel" en die spreker Kosie Engelbrecht, 'n Weskus-Namakwalander, het getuigenis gelever van hoe die Here 'n impak op sy lewe gemaak het.

Kompetisies op die dag het vir groot vermaak gesorg: Die man wat die hardste kon fluit, die man met die grootste kuite, die man met die meeste items in sy sak en die man wat die meeste kaartjies verkoop het, het 'n prys ontvang. Die laaste kompetisie wat almal se aandag getrek het, was die sweepslaan waaraan selfs ds. Schalk Strauss deelgeneem het. Na afloop van die ete het almal weer buite gaan kuier. Die brawe manne het hul sweepslaantegnieke ten toon gestel, terwyl van die ander koeksitters as nagereg geniet het.

Die susters is baie dankbaar vir die Here se genade en die goeie gees waarmee die manne die funksie bygewoon het. Daar was heelwat gaste uit ander gemeentes en die susters wil hierdie funksie graag 'n jaarlikse instelling maak. So, hou ons dop en koop jou kaartjie vroegtydig vir die lekkerste skaap-op-die-spit-kuiermiddag ooit!

Belydenis van geloof

Op Sondag 1 Februarie 2026 het ons as gemeente die besondere voorreg gehad om getuies te wees van die geloofsbelydenis van twee jongmense, Carla van Deventer en Retief Pentz. Dit was 'n blye en geseënde geleentheid waar ons die Here kon eer vir sy onuitspreeklike genade, liefde en verlossingswerk wat Hy steeds in ons lewens en in ons gemeente doen. Ons dank Hom dat Hy harte aanraak, geloof versterk en jongmense roep om Hom openlik as Here en Verlosser te bely.

Carla en Retief se besluit om hul geloof te bely, getuig van God se trou en die werking van sy Gees in hul lewens. Ons bid dat die Here hulle sal versterk, dat hulle standvastig in hul verhouding met Christus sal groei en dat hul lewens 'n helder getuigenis van sy liefde en lig sal wees. Mag hulle altyd vasstaan in die geloof, volhard in gehoorsaamheid en in alles die Naam van die Here verheerlik. Ons is dankbaar om deel van hul geestelike reis te wees en sien met verwagting uit na wat die Here nog deur hulle gaan doen.

Elaine Engels




Mannefunksie



Mannefunksie



Mannefunksie



Ds. Schalk, Carla, Retief en ds. Pieter



Generaal Louis Botha en die Cullinan-diamant – Dr. Pieter Mulder



“Generaal Louis Botha het ná die Tweede Vryheidsoorlog teen Brittanje sy rug op sy eie mense gedraai en Britse sykousies aangetrek,” was my oupa se oordeel oor Botha.

In Oupa-hulle se huis het foto's van vier Boeregeneraals gehang: Louis Botha, Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Jan Smuts. Hulle was volgens hom die helde van die Tweede Vryheidsoorlog. Die Cullinan-diamant was die laaste strooi wat gemaak het dat Botha en later Smuts se foto's van die muur afgehaal is.

Vraagtekens oor Louis Botha het reeds met die stigting van die Het Volk Party in 1904 begin. Hy is daar as leier verkies en het onmiddellike versoening tussen alle Suid-Afrikaners bepleit. Botha het gesê dat hulle die verlede moet vergeet en dat die woorde “Hensopper” en “Joiner” uit hul woordeskat gesny moet word. So kort ná die oorlog was dit nog te rou. Van die mense teenwoordig se familieleden is skaars twee jaar gelede deur Joiners doodgeskiet. Die Joiners het ook die Britte in die konsentrasiekampe gehelp.

Frederick Wells het in 1905 die Cullinan-diamant by die Premiermyn ontdek. Die myn is so 40 km buite Pretoria. Die diamant wat 3 106 karaat geweeg het, is die grootste sierdiamant wat tot op datum in die wêreld gevind is en is na die eienaar van die myn, sir Thomas Cullinan, vernoem.

Ná die ontdekking is die blouwit ongeslypte Cullinan-diamant vir 'n paar maande by Standard Bank in Johannesburg uitgestal. Meer as 9 000 mense het dit daar kom besigtig. Dit is daarna in Londen te koop aangebied.

Die publiek het gewonder hoe hierdie waardevolle diamant veilig in Londen gaan uitkom. Breë mediadekking is gegee aan die wyse waarop die diamant, onder bewaking van speurders, in 'n kluis van die passasierskip die RMS Kenilworth Castle toegesluit is. Die diamant aan boord die skip was egter 'n vals replika van die Cullinan-diamant en 'n afleidingstaktiek. Die werklike diamant is as 'n gewone geregistreerde pakkie na Londen gestuur.

As premier van die Transvaalse kolonie het Louis Botha die Rykskonferensie van 1907 in Londen bygewoon. Hy is hartlik ontvang as vorige vyand wat nou saamwerk. Tydens sy besoek ontvang hy 'n eredoktorsgraad by Dublin Universiteit asook die Vryheid van die Stad van

Manchester en Edinburgh. Hy word ook lid van die koning se adviserende Privaat Raad of Privy Council.

Toe selfregering deur die nuwe Britse regering reeds in 1906 aan Transvaal en die Vrystaat toegeken is en Botha se versoek van vyf miljoen pond vir Transvaal deur die Britse parlement goedgekeur is, het dit groot indruk op Botha gemaak. Terug in Transvaal het hy in die Transvaalse parlement voorgestel dat hulle die Cullinan-diamant koop en aan die koning skenk. Ná twee jaar in Londen was die diamant steeds nie verkoop nie. Nou het al die alarms afgegaan dat generaal Botha “nie meer ons man is nie”.

Dit was skaars vyf jaar ná die einde van die Tweede Vryheidsoorlog waarin byna 30 000 vroue en kinders in Britse konsentrasiekampe dood is en Transvaal sy onafhanklikheid verloor het. As motivering het Botha gesê dat dit gesien sal word “as 'n uitdrukking van die gevoel van lojaliteit en toegeneentheid van die mense van Transvaal teenoor Sy Majesteit se persoon en troon”.

Natuurlik was daar heftige reaksie daarteen. Ná 'n warm debat in Transvaal se koloniale parlement



Tyd saam met jou kinders is min

Charlotte Fourie

“Jy het klein kinders vir ’n baie kort tydperk ... en dit is ’n groot fout om dit nie raak te sien en te waardeer nie. Dit is die weg na ’n toekoms met die minste spyt.” Sô sê dr. Jordan Peterson op 31 Oktober 2025 op sy Facebookblad.

Daar is niks moeiliker – of belangriker – as om ’n kind groot te maak nie. Kort voor ons eersteling gebore is, het ons dikwels gehoor hoe moeilik dit is om kinders groot te maak en dat ons solank moet slaap of genoeg tyd as egpaar saam geniet, want hierdie luukshede gaan binnekort eindig. Die klem op die belangrikheid van ouerskap was egter nie aldag so volop nie.

In Julie 2024 was dit ons oudstes se sesde verjaarsdag. Ek was toe nog met kraamverlof met ons vierde baba en lekker rustig by die huis saam met al die kinders. Soos elke mamma maar doen voor haar kind verjaar, het ek deur die derduisende foto’s wat in ses jaar opgegaan het, gewerk. ’n Swaar realiteit het my daardie dag getref toe ek heelwat van die gebeure in die foto’s nie kon onthou nie: Daar het soveel tyd in ses jaar verbygegaan wat ek gemors het of nie eers eerstehands kon beleef nie. Toe tref die volgende realiteit my: Oor nog ses jaar is

hierdie kinders 12 en (hou vas vir die volgende deel), data blyk te wys dat die meerderheid van die totale tyd wat ouers saam met hul kinders oor ’n lewensduur deurbring, plaasvind voor die kinders 12 is.

Op daardie dag het ek myself belowe dat die volgende ses jaar anders gaan wees. Dit is nou amper twee jaar later en in hierdie tyd het ons groot besluite geneem om tyd saam te prioritiseer. Ons het loopbane verander, platteland toe getrek en basies die televisie se afstandbeheer weggegooi, maar ons is beslis nog nie waar ons moet of kan wees nie. Enige gesprek oor “tyd” en “ouerskap” laat my binneste steeds met skuldgevoelens draai.

Die paradoks

Die dae is lank, maar die jare kort. Steek op jou hand as jy klein kinders het en iemand het in die afgelope twee weke vir jou gesê (waarskynlik met ’n skreeuende peuter aan die hand) dat jy dit moet geniet, want dit gaan gou verby. Steek nog ’n hand op as jy saggies (of dalk moedeloos-hard) geantwoord het dat dit maar nog vinniger kan verbygaan, asseblief!

Buiten vir die “lang dae” is daar ook die konstante gevoel dat daar

“nie genoeg tyd” is nie (net ’n ouer sal hierdie sin verstaan). En nog erger, as jy die dag tyd het, voel jy of jy nie regtig teenwoordig kan wees nie, want jou gedagtes dwaal na werk of bekommernisse en jy smag na ’n “niksdoenboksie” waarin jy kan verdwyn.

Ja, die dae van kinders hê voel lank met te min tyd, veral as jy ’n dag se ouerskap in ’n paar uur ná ’n vol dag van werk moet inprop. Maar daar rus ’n groot verantwoordelikheid op ons: God het ons met sý kinders toevertrou en ons moet die beperkte tyd saam met hulle gebruik om hulle in die weë van die Here op te voed. Maar hoe?

Wees ’n rentmeester van jou tyd

In die lig van Christelike ouerskap waar kinders as ’n erfenis van die Here beskou word, kan ons tyd nie bloot as ’n kommoditeit sien nie, maar as ’n Goddelike gawe wat wys bestuur moet word. Ons moet rentmeesters wees van die tyd wat ons saam met ons kinders het. ’n Rentmeester kan nie lui wees nie en gaan noukeurig en berekend om met dit wat aan hom toevertrou is. Soos wat jy getrou jou finansies verantwoordelik bestuur, moet jy jou tyd saam met jou kinders prioritiseer en beplan.

Die moderne wêreld verkondig die leuen dat beide ouers nege uur per dag moet werk terwyl ander mense die voorreg het om hul kinders groot te maak. Boonop verdien die ouers aan die einde van die besige werkswaek ook “eie tyd” om weg van die kinders af te ontspan. Wanneer vind ouerskap dan plaas? Maak hierdie opset ons werklik gelukkig?

Prioritiseer jou gesin

Die 2025 YouGov-opname vir Institute for Family Studies (IFS) en Wheatley Institute het bevind dat getroude moeders die gelukkigste groep vroue is – byna dubbeld so gelukkig as kinderlose

en enkelopende vroue. Dieselfde studie wys dat die oorgrote meerderheid vroue tyd saam met hul familie bo werk verkies, maar dat dit nie vir hulle moontlik is nie.

Mammas, kan ons hieruit aflei dat die moeilike deel van tyd saam met ons kinders spandeer nie is omdat kinders moeilik is nie? Is dit dalk omdat ons werk terwyl ons nie eintlik wil werk nie? Is dit omdat ons moet werk en ons tyd beperk is en ons die bietjie tyd wat ons het, op ’n spesifieke manier wil spandeer? Dit werk egter nie so nie! Meestal is ons net moeg en moedeloos en het ons geen idee hoe om ons werklike roeping te

vervul terwyl ons ook werk nie. Terwyl ons egter hieroor worstel, stap tyd getrou aan, sonder om te wag.

Dalk is die antwoord op die min tyd wat ons het, om meer tyd te maak deur minder tyd aan ander dinge te spandeer. Tyd het nie ’n reservoir waarin jy kan opgaan vir later wanneer jy dit nodig het nie. Tyd is soos ’n rivier – dit vloei aanhoudend, of jy dit benut of nie. As ons wag vir ’n “beter tyd”, miskien wanneer die werkdruk afneem of ons bankrekening vol genoeg is, sal ons besef dat ons die golf gemis het. Die tyd om hieroor te besluit, was gister. ☹️

◀◀Vervolg vanaf bl. 34

Generaal Louis Botha en die Cullinan-diamant

is met 42 teen 19 stemme besluit om dit wel te koop. In Oktober 1907 koop die Transvaalse regering die Cullinan-diamant vir £150 000. In vandag se aangepaste waardes is dit ongeveer 19 miljoen pond of 418 miljoen rand.

Op die koning se 66ste verjaarsdag (9 November 1907) is die Cullinan-diamant by ’n plegtige geleentheid oorhandig. Koning Edward VII was nie ’n vriend van die Boere nie. Hy was openlik aan Rhodes asook Alfred Milner se kant, maar hy het die geskenk aanvaar “vir myself en my opvolgers” en dat hulle dit sal bewaar as erfstukke van die Britse Kroon.

In 1908 is die Cullinan-diamant in nege groot diamante en 96 kleiner diamante verdeel. Die nege grootste dele is Cullinan I tot Cullinan IX genoem. Cullinan I is bekend as die Groot Ster

van Afrika. Die diamant is in ’n peervorm geslyp en het 530 karaat geweg. Die koning het dit in sy septer laat set.

Cullinan II, wat 317 karaat weeg, is as die hoofdiamant in die koninklike staatskroon geplaas. Die huidige Britse koning, Charles III, dra steeds die septer en staatskroon met die gesette Suid-Afrikaanse diamante.

Botha se Onderwyswet van 1907 het die wantroue in hom laat toeneem. Anders as generaal Hertzog se Onderwyswet in die Vrystaat, het die Transvaalse wet Engels verpligtend gemaak, maar nie Hollands of Afrikaans nie.

By 1911 se Rykskonferensie woon Botha koning George se onthaal in koninklike hofdrag by: ’n blomgeborduurde baadjie, ’n wit styfpassende kuitlengte

langbroek met swart sykouse. ’n Foto hiervan het in Suid-Afrika verskyn. Dit het gelei tot my oupa se opmerking dat Botha sy rug op sy eie mense gedraai en Britse sykousies aangetrek het.

Die finale breuk tussen die Boeregeneraals kom in 1914 met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Die Britte eis nou hul pond vleis op en vra vir Botha om die destydse Duitswes-Afrika (vandag Namibië) binne te val en vir die Britte te verower.

De la Rey en De Wet weier om hieraan deel te neem. Die Duitsers het ’n belangrike rol in die Tweede Vryheidsoorlog gespeel deur die Boere van wapens en kanonne te voorsien. Van Oupa se vier Boerehelde eindig generaal De Wet in die tronk, is De la Rey in 1914 dood met Botha Eerste Minister en Smuts ’n kabinetsminister. ☹️

SMELTOOND

• Maart 2026 •

Deur Jaco Kleynhans



Regoor Westerse lande groei behoudende kerke opnuut

In die dorp Mount Vernon in die Amerikaanse deelstaat Illinois vertel die bejaarde Baptiste-pastoor Ryan Burge onlangs in 'n media-onderhoud van die derde gemeente waar hy diens gedoen het wat haar deure moes sluit. Tydens haar laaste diens was daar slegs nege mense in 'n kerk wat reeds 156 jaar bestaan.

Die gemeentes waar Burge oor die jare diens gedoen het, was almal sogenaamde hoofstroom-Protestantse kerke. Oor die afgelope drie dekades het die hoofstroom-Protestantse kerke in die VSA sowat 40 miljoen weeklikse kerkgangers verloor. Terwyl baie mense, soos in byna elke Westerse land kerkloos of kerkloos geraak het, het 'n beduidende aantal na meer politiebewuste en kultureel-konserwatiewe geloofsgemeenskappe oorgeskakel.

Burge is ook 'n politieke wetenskaplike aan die John C Danforth-sentrum aan die Washington Universiteit in St. Louis en die outeur van vyf boeke oor godsdiens in die VSA. Sy nuutste, *The Vanishing Church*, handel oor die uitholling van hoofstroomkerke. Hoewel Burge self sterk ten gunste van sogenaamde gematigdheid in kerklike verband en kerklike aanpassings by 'n veranderende wêreld is, beskryf hy wel in sy boek hoe die hoofstroomkerkverbande in die VSA byna geheel en al ineengestort het.

Die sogenaamde hoofstroom-Protestante kerke in die VSA sluit in die Verenigde Metodiste Kerk, Episkopale Kerk, Evangeliese Lutherse Kerk van Amerika, Presbiteriaanse Kerk (VSA), Verenigde Kerk van Christus, Amerikaanse Baptiste Kerk en Christelike Kerk (Dissipels van Christus). Burge beskryf in sy boek die toneel uit 'n Protestantse kerk in die VSA in die 1950's waar

fabriekswerkers nagmaal gebruik saam met prokureurs en dokters en Republikeine en Demokrate langs mekaar in die kerkbanke sit.

Die 1950's was natuurlik ook 'n tyd waar Christelike waardes en norme, en in besonder Protestantisme, in bykans elke aspek van die openbare en privaat lewe in die VSA rigtinggewend was. Die wettiging van aborsie, die aanslag op Christelike waardes in openbare instellings soos skole en die ontwikkeling van universiteite as ruimtes wat juis 'n aanslag op Christenskap lewer, het toe nog nie regtig begin nie. Die kerklike, en veral Protestantse doktrine, was die norm. Die eerste katolieke Amerikaanse president, John F Kennedy, is immers eers in 1960 verkies!

Namate die aanslag op Christelike waarhede en Protestantse denke die botoon begin voer het, en hoofstroomkerke verkies het om daaroor stil te bly, het lidmaatskap van hierdie kerke van meer as 60% van die Amerikaanse bevolking in 1950 tot 8% vandag gedaal.

Daar is egter kerke wat die uitdaging van die tyd reguit aanspreek en merkwaardige groei toon. In Dallas is die First Baptist Church met sy 18 000 lidmate 'n bekende voorbeeld. Die hoofpastoor daar is landswyd bekend vir sy onbeskaamde uitsprake oor Bybelse waarhede.

Dit gaan egter nie net oor groot megakerke nie. Verlede jaar ry ek op 'n Sondag deur die suide van die deelstaat Georgia en stop in 'n klein dorpie Unadilla om 'n kerkdien by te woon. Die kerk is vol met mense wat van ander dorpe ry om na Bybelgetroue eredienste wat die werklikheid van die tyd in ag neem, en juis Bybelse antwoorde daarop bied, te kom luister. 'n Vriend in Alaska is 'n predikant by 'n Ortodoks-gereformeerde Kerk in Wasilla en

volgens hom bars die kerk uit haar nate soos wat mense, almal op soek na waarheid, Sondae daar opdaag.

Volgens Burge is daar genoeg breër sosiologiese waarnemings oor die afgelope paar dekades wat bevestig dat hoofstroom-Protestantse denominasies (dikwels meer teologies liberaal of progressief) skerp dalings ervaar, terwyl kleiner, meer konserwatiewe (dikwels streng konfessionele of Ortodoks-gereformeerde) groepe relatiewe stabiliteit, stadiger agteruitgang of selfs groei getoon het. Dit weerspieël 'n goed gedokumenteerde dinamiek in die hele Westerse Christendom sedert die middel van die 20ste eeu dat konserwatiewe teologie, insluitend die streng nakoming van leerstellings, tradisionele sienings oor kwessies soos geslagsrolle of seksualiteit, ensovoorts, met beter behoud en soms groei in kerke korreleer.

In Nederland tuimel die lidmaatskap van die hoofstroom- en dikwels progressiewe Protestantse Kerk, terwyl uiters konserwatiewe kerkverbande soos die Hersteld Hervormde Kerk, Oud-Gereformeerde Kerk en die Christeljk Gereformeerde Kerk stabiel bly en dikwels selfs groei. Dieselfde geld in Duitsland en Switserland. In die ooste van Hongarye staan die mees konserwatiewe Calvinistiese kerke sterk, terwyl ander kerke byna heeltemal leegloop.

In die meeste Westerse lande leef mense toenemend in 'n post-Christelike omgewing met openbare ruimtes wat selfs vyandig staan teenoor die Christelike geloof. In tradisioneel Protestantse streke is dit by uitstek ook die geval. Wat ons egter die afgelope tyd in byna elk van hierdie lande sien, is 'n herlewing van Bybelgetroue kerke. Mag dieselfde ook onder Afrikaners in Suid-Afrika gebeur. ☺

PURITEINSE WYSHEID in jou hand

Lig in Duisternis
UITGEWERS

R90
per beker

Koop vandag 'n keramiekbeker met 'n
aanhaling van 'n Puriteinse steunpilaar

Beskikbaar op ons webblad



“Hierdie publikasie bied 'n
diepgaande teologiese ondersoek
van Ester wat verby blote
geskiedskrywing beweeg.”



Prof. Dr. Adriaan Neele
Puritan Reformed Theological Seminary

Koop jou
kopie teen
R250

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Bedien die BROOD VAN DIE LEWE in jou huis



Besit
VANDAG

INGESLUIT:

- 30 tematies studies met agtergrond
uit die Drie Formuliere van Eenheid
- Aktuele besprekingsvrae
- Volledige Skrifindeks

R120

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Die Voortrekkers-trilogie

NOU
BESKIKBAAR


Deel 1



Deel 2



Deel 3
A en B



Lig in Duisternis
UITGEWERS

Plaas jou bestelling
AANLYN!

R100

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Wie sê julle is Ek?

Geloof wat wortelskiet ... belydenis wat vrug dra



STILTETYD

Lees: Psalm 62

Die ouer mense wat ver in die verlede grootgeword het, het baie meer tyd vir alles gehad. Ons jonger mense word elke sekonde van die dag deur slimfone, die televisie en rekenaarspeletjies vermaak. Die antieke mens (mense uit die Bybelse tyd) het tyd gehad om deur die skerp roep van die voëltjies vermaak te word; om deur die mooi van die wilde natuur bekoor te word; om die sterreprag van die stille nag hul televisie te maak. Ons moet leer om tyd te maak om stil te word.

STILTETYD TOT GOD

Ja, my siel is stil tot God ... sing Dawid in vers 2. Geen persoon kan na God luister voordat hy nie eers tyd gemaak het om stil te word nie. Elke verhouding het tyd nodig om sterk te word. As ons nie tyd saam met ons vriende spandeer nie raak ons verhouding met hulle swak. So werk dit ook in die verhouding tot God. As sy kinders roep Hy ons om tyd met Hom deur te bring. Dit beteken om die geraas van die wêreld te verwyder en te luister.

Wees net maar stil tot God, my siel ... sing Dawid vir 'n tweede keer. 'n Stil siel is 'n iemand wat tyd maak om deur God se Woord gevoed te

word. Dawid het in sy lewe geleer om in stiltetyd die HERE te begeer. Hy het geleer om tyd te maak sodat God hom deur sy Woord, wat vir altyd bestaan, kan vermaan. Twee keer in hierdie psalm (v. 1, 6) word sy siel aangesê om stil te wees. Daarna skryf hy sy pragtige belydenis: *Sekerlik, Hy is my rots en my heil ...* (v. 7).

Die koning het in sy stiltetyd die geleentheid gehad om net na die HERE te luister. Met elke stille oomblik voor God het Dawid tyd gehad om God se stem te hoor. Wat Psalm 62 vir ons leer, is baie belangrik: Terwyl Dawid stil word tot die HERE was God nie stil tot Dawid nie. Hy het met Dawid gepraat en Dawid het tyd gehad om in hierdie verhouding met God te leef. Dawid kon in sy stiltetyd luister terwyl die HERE tot hom fluister.

STILTETYD VIR SONDAARS

Dit is baie hartseer dat jongmense nooit meer die tyd maak om stil te wees nie. By die skool is die program besig en die huiswerk baie. Oor die naweek neem sportaktiwiteite ons tyd op. Dit is baie moeilik om tyd te maak.

Tog is dit nie net ons program wat ons tyd opneem nie. Sondaars het altyd tyd om op nietighede te vertrou. Ons sal altyd 'n plan maak om ons tyd op sosiale media deur te bring. Daar is altyd tyd om saam met vriende te gaan kuier en tyd aan menseverhoudings te spandeer. En wanneer dit kom by ons verhouding met die Here, het ons tyd dikwels uitgeloop.

Die Here herinner sy kinders aan 'n lieflike voorreg wat ons besit. Deur sy Gees is Hy elke liewe oomblik van ons lewe by ons. Daar waar ons dink dat ons nie tyd vir die Here het nie, het Hy altyd vir ons tyd. God het sy Seun in die volheid van die tyd gestuur om aan die kruis vir ons sondes te sterf sodat ons as sy kinders tyd met Hom kan deurbring.


Om in vandag se lewe stil te word, is moeilik. Die geraas en geweld wat hier om ons woel, laat ons angstige en benoude siele doelloos rondspoel. In Christus Jesus kan ons op enige plek, enige tyd voor God stil word. Maak tyd in jou besige dag om voor die Here stil te word. Onthou wat Psalm 62 sê: In stiltetyd raak die siel sag, al bly die geraas altyd aan die lag. *Wees net maar stil tot God, my siel ...* (v. 6).

En die duif het teen die aand na hom gekom,
en daar was 'n groen olyfblad in sy bek! (Gén. 8:11)





NOAG SE OFFER



DIE NOAGITIESE VERBOND (2)¹

In Génesis 2 sluit God die werkverbond met die eerste mens Adam, die verteenwoordiger van alle mense. Adam was egter ongehoorsaam aan God se bepalings van hierdie verbond en so word die sonde en die dood deel van alle mense ná hom.

In Génesis 6 lees ons van die verdere slegte gevolge van Adam se ongehoorsaamheid/sonde: Alles wat die mense gedink en gedoen het, was boos en wreed! God was hartseer hieroor: “Ek sal die mense wat Ek gemaak het, doodmaak en wegvee van die aarde af. Ek sal al die mense, die diere en die voëls doodmaak. Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het” (Gén. 6:7; Bybel vir almal).

Noag, die kleinseun van Metúsalag wat 969 jaar oud geword het, was ’n opregte man wat die HERE God geken het en volgens sy wil geleef het. Hy het genade in God se oë gevind en daarom het hy nie soos die bose mense van sy tyd geleef nie. Die res van die mense sou Hy met ’n watervloed doodmaak.

Toe sluit God sy verbond met die volgende **bepalings**:

- Noag moes ’n ark bou volgens die aanwysings wat God gegee het.

- Noag en sy seuns en sy vrou en sy seuns se vrouens moes in die ark ingaan.
- Noag moes van al die rein diere sewe paar van elke soort in die ark laat ingaan – die mannetjie met sy wyfie.
- Noag moes van al die onrein diere twee paar van elke soort in die ark laat ingaan – die mannetjie met sy wyfie.
- Noag moes van die voëls sewe paar van elke soort in die ark laat ingaan – die mannetjie met sy wyfie.
- Noag moes genoeg kos vir sy gesin en die diere in die ark bêre.

Noag het alles gedoen presies soos die HERE vir hom gesê het. Toe Noag 600 jaar oud was, het God die fonteine onder die grond laat oopgaan en dit vir 40 dae en 40 nagte lank laat reën. Alles wat op die aarde gelewe het, het verdrink. Net Noag en alles wat saam met hom in die ark was, is gespaar.

Toe Noag 601 jaar oud was, het die aarde begin droog word. God het gesê dat almal uit die ark uit kan gaan. Noag het dadelik 'n altaar gebou en van die rein diere en rein voëls vir die HERE geoffer om vir Hom dankie te sê dat Hy hulle van 'n waterdood gered het. Die offer het heerlik geruik en God het in sy hart gesê: “Ek sal nie weer al die mense en diere doodmaak soos Ek nou in die watervloed gedoen het nie” (Gén. 8:21; Bybel vir almal).




Toe gee die HERE die **teken** van sy verbond met die mens en die dier wat in die ark was – 'n reënboog. Uit God se verduideliking van hierdie verbond, leer ons hoe genadig en liefdevol Hy is:

My reënboog in die wolke sal 'n teken wees om te wys dat Ek 'n verbond met julle gemaak het. Ek belowe dat daar nie weer 'n watervloed sal wees wat al die mense en diere sal doodmaak nie. Wanneer Ek die reënboog in die wolke sien, sal Ek daaraan dink dat Ek 'n verbond met almal op die aarde gemaak het, 'n verbond wat vir altyd sal bestaan.

1. Lees weer: “God se verbond met sy kinders” in *Die Jeugboodskapper*, no. 199 (Februarie 2026), 4-5.

God het berou gehad dat Hy die mens gemaak het en besluit om alles en almal te vernietig wat op die aarde is. *Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE* (Gén. 6:8). Tussen die uitwissing van alles wat geleef het, het daar dus een mens gestaan: Noag. God het hom regverdig en opreg bevind en besluit om hom en sy familie se lewens te spaar. God is nie wispelturig nie, maar sy liefde bepaal dat Hy in genade optree ... en dit is hoekom ons vandag nog genade van Hom kan verwag.

DIE REGVERDIGE NOAG LAAT GOD ANDERS KIES



DWARS

1. Noag se seun (Gén. 6:10)
2. Losbandig, sedeloos (Gén. 6:11)
4. Uitroei, vernietig (Gén. 6:7)
6. Mense wat in dieselfde tyd leef (Gén. 6:9)
8. Misdaad, terreur (Gén. 6:11)
10. Uitdink, beplan (Gén. 6:5)
13. Valshede, leuens (Gén. 6:5)
15. Innerlike menswees (Gén. 6:5)
16. Betroubare, eerlike (Gén. 6:9)

AF

1. Hartseer, leed (Gén. 6:6)
2. Ooreenkoms (Gén. 6:18)
3. Korrupt, boos (Gén. 6:5)
5. Buitengewoon groot, lang mense (Gén. 6:4)
7. Swart, klewerige stof (Gén. 6:14)
8. Denne- of sipreshout (Gén. 6:14)
9. Doodgaan (Gén. 6:17)
10. Slegtigheid, kwaadwilligheid (Gén. 6:5)
11. Noodsaaklikheid vir die liggaam (Gén. 6:21)
12. Om spyt te ervaar (Gén. 6:6)
14. 'n Begenadigde man (Gén. 6:8)



Antwoorde



DIT IS GOD SE HORLOSIE

Shawn Marx¹

Toe ek jonger was, het ek baie gesukkel om tyd te lees. Die wysers van die horlosie het my so deurmekaar gemaak dat ek altyd ander mense moes smee om vir my die regte tyd te gee. Ook nie eens die digitale horlosie kon my help nie. Wanneer dit in die oggend (of is dit nou aand) 00:00 gewys het, was ek skoon deurmekaar.

Ek het altyd gewonder wie die horlosie gemaak het. Hoe het mense met hierdie slim idee vorendag gekom om nommertjies op 'n sirkel te sit met vingers wat na die nommertjies wys om vir ons te sê hoe laat dit is?

Deur die geskiedenis was daar baie verskillende maniere wat mense gebruik het om tyd te lees. Die Egiptenare het reeds 1200 v.C. 'n sonwyser gebruik om te weet hoe ver die dag aangestap het. Die sonwyser is 'n toestel wat die son se ligstrale gebruik om 'n skaduwee te gee wat die tyd aanwys. Dit werk amper soos ons ronde horlosies, maar in plaas van vingers wat in die rondte gaan en die tyd wys, gee die son die tyd.

In die aand het hulle weer na die sterre gekyk. Soos dit later in die nag word, het sekere sterre helderder begin skyn as vroeër in die aand.

Daar was ook die bekende uurglas wat die tyd gegee het. Sand sou as gevolg van gravitasie stadig deur die uurglas loop en wys hoe die tyd verbygaan.

Al hierdie maniere om tyd te lees, klink baie moeiliker as op ons horlosies vandag. Deur die jare het mense veel slimmer as ons, al hierdie verskillende maniere om tyd te lees, gebruik om die horlosie te ontwerp. Sonder die son en sterre sou niemand ooit die tyd kon lees nie.

As ons wil weet wie die horlosie gemaak het, dan moet ons eers vra: Wie het die son en sterre gemaak? *En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare* (Gén. 1:14).

Deur 'n woord te spreek, het God die aarde en alles daarop geskep. Dit beteken dat Hy die horlosie geskep het die oomblik toe Hy die son, maan en sterre gevorm het. Ons Vader gee vir sy kinders die tekens in die hemel as vaste tye sodat ons die dae en jare kan tel. Dit was die HERE se wil dat ons die horlosie moes skep.

HOEKOM GEE HY VIR ONS DIE HORLOSIE?

En die HERE het met Moses gespreek in die woestyn Sinai – in die tweede jaar nadat hulle uit Egipteland uitgetrek het, in die eerste maand – en gesê dat die kinders van Israel die pasga op die bepaalde tyd moet hou (Núm. 9:1-2). In die Bybel lees ons dat God vir sy mense 'n spesifieke tyd gegee het om feeste te hou, die sabbat te vier en by die tempel te gaan offer. Al ons tye is deur God gegee: ... *en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is ...* (Pred. 3:1-2).

Dit is God se horlosie wat ons gebruik om tyd te lees. Hy gee vir ons hierdie horlosie sodat ons as sy kinders kan weet wanneer ons kerk toe moet gaan en huisgodsdienste moet hou. Maar hierdie horlosie laat ons ook besef dat die tyd naderkom wanneer Jesus sy kinders kom haal.

Kyk na God se horlosie en weet: Die Here hou jou tyd in sy hande. Elke sekonde en uur wat verbygaan, het Hy aan ons gegee om vir Hom te leef.

1. Shawn Marx was 'n bosbouer. In matriek het hy deelgeneem aan 'n wetenskapkompetisie oor horologie en die verskillende maniere om tyd te hou.